ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA

# Vrye Weekblad

25 Mei 1990 Tel: (011) 836-2151 Fax: 838-5901 Prys: R1,50 (R1,33 + 17c AVB)



Alles oor die Comrades - bl 24

# Rooi komplot

## Lokval vir Boesak, Tutu en Cosatu

JACQUES PAUW

**'n SLINKSE plan van die Nasionale Intelligensiediens (NID) en die Veiligheidspolisie om dr Allan Boesak en ander anti-apartheidsleiers saam met Russiese diplomate in 'n lokval te lei en 'n internasionale skandaal te ontketen, het vandeesweek aan die lig gekom.**

**Die plan, wat oor 'n tydperk van maande in 1987 en 1988 uitgewerk en verfyn is, draai rondom die regering se jarelange pogings en begeerte om 'n "bose en gevaarlike komplot" tussen leiers soos Boesak, biskop Desmond Tutu, Albertina Sisulu en leiers van Cosatu en die "kommunistiese aanslag" te bewys.**

**'n Gewese agent van NID en die Veiligheidspolisie het Vrye Weekblad vandeesweek oor dié spioenplan ingelig.**

Dit het jammerlik skeefgeloop nadat NID en die veiligheidspolisie se agent kort voor die uitvoering daarvan besluit het dat hy nie die Russe en Boesak kan verraai nie.

Dieselfde agent is vyf maande gelede weer deur die Veiligheidspolisie genader om weer met Cosatu kontak te maak. Hy het toe geweier.

Boesak het vandeesweek bevestig dat hy twee ontmoetings in die betrokke tydperk gehad het met 'n man wat 'n ontmoeting met 'n Russiese diplomaat in Kaapstad wou reël. Hy het die man se naam onthou, wat dieselfde is as die betrokke agent van NID en die Veiligheidspolisie. Die man is 'n Springbok.

Boesak het die plan as "diabolies" beskryf en gesê dat dit sy hele loopbaan en die NG Sendingkerk kon vernietig het as die plan geslaag het. "Dit maak my yskoud en wys net tot watter laagtes die regering sal daal om die totale aanslag te bewys," het Boesak gesê.

Die spioenasieplan is in Pretoria op 'n spesiale veiligheidskomitee van die Staatsveiligheidsraad waarop NID, die Veiligheidspolisie en Militêre Inligting sitting het, bespreek en goedgekeur.

Die spioenasieplan het die volgende behels:

* Om 'n ontmoeting tussen Boesak en 'n

*Vervolg op bl 2*

## Dié foto spook nou by Vlok



**Dié "hartlike" foto van die AWB-leier, Eugene TerreBlanche, en die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, het nou 'n ernstige verleentheid vir die FW de Klerk-regering geword. Enkele dae ná die foto buite Vlok se kantoor geneem is, het die rassegeweld in alle erns in Welkom losgebars.**

Welkom in die Plek van Vreugde - bl 12&13

## *Spioen se lojaliteite verstrengel*

# Springbok kon Boesak nie verraai

JACQUES PAUW

**'N SPIOENASIERILLER oor 'n dubbele agent wie se lojaliteite só verstrengel geraak het tussen die eerlikheid van 'n kerkleier, sy vriendskap met 'n Russiese diplomaat en sy getrouheid aan sy Suid-Afrikaanse hanteerders dat hy naderhand nie meer kant kon kies nie, het vandeesweek aan die lig gekom.**

Die agent, wat beide vir Nasionale Intelligensiediens (NID) en die Veiligheidspolisie aan die een kant en die Russiese ambassade aan die ander kant gespioeneer het, het uiteindelik besluit dat sy lojaliteite by sy Russiese vriend en dr Allan Boesak lê wat hy moes verraai.

Die hele verhaal oor die spioenasiedrama, wat hom in 1987 en 1988 afgespeel het, is dié week aan Vrye Weekblad ontbloot. Die agent is 'n gewese Springbok-sportman wat byna drie jaar lank vir die NID en die Veiligheidspolisie gespioeneer het. Sy naam is aan Vrye Weekblad bekend, maar kan weens verskeie oorwegings nie gepubliseer word nie.

Die agent is kort voor die Lesothose staatsgreep van Januarie 1986 deur die Veiligheidspolisie gewerf om vir hul intelligensiewerk in dié land te doen. Hy moes onder meer foto's van ANC-deurgangshuise, -opleidingskampe en lughawens neem.

Hy het teen-insurgensie-opleiding naby Pretoria ontvang en het die versekering gekry dat hy in die uitvoering van sy spioenasieverpligtinge krimineel gevrywaar word.

Sy hanteerders was kapt Kosie Horn en maj Vic McPherson van die veiligheidstak in onderskeidelik Bloemfontein en Pretoria, terwyl agente van NID later by die beplanning betrek is.

Hy was tydens die staatsgreep in 'n hotel in Maseru saam met Jurie Popenhoff, politieke offisier van die Russiese ambassade in Lesotho, vasgekeer. Hulle het begin gesels en vriende geword.

Vir die volgende sewe maande het hy in opdrag van Horn sy vriendskap met die Russe verstewig. Terselfdertyd het die Russe hom begin vra om vir hul video's oor swart verdrukking in Suid-Afrika te vervaardig en militêre geskrifte na Lesotho te smokkel.

In Julie 1987 is Popenhoff Seychelles toe verplaas en vervang met Oleg D Khodyref, aan wie die agent voorgestel is. Hulle het ook groot vriende geword. Die agent is ook voorgestel aan ambassadeur Strizkof en spesiale diplomaat Vassili Memonko.

Die Russe het 'n spesiale deurgangsroete vir die agent geskep waardeur hy ongesiens Lesotho kon binnekom en uitgaan. Intussen het hy al sy gesprekke met die Russe op band opgeneem en aan die Suid-Afrikaners oorhandig. Hy het ook 'n meeluisterapparaat by die ambassade geplant.

Horn het kort hierna opdrag aan die agent gegee om kontak met Cosatu te bewerkstellig en te probeer reël dat hy leiers van dié vakbond, onder meer Jay Naidoo, na Lesotho smokkel om die Russe te ontmoet. Hy het 'n media-beampte, Frank Meintjes, twee keer ontmoet.

Die agent is na Khodyref en het voorgestel dat die Russe die Cosatu-afvaardiging ontmoet. Die Russe het ingestem en Khodyref het 'n getekende visite-kaartjie aan die agent gegee wat hy aan Cosatu moes wys.

Meintjes, Naidoo en nog 'n Cosatu-beampte, Neil Coleman, sou na die agent se huis in Bloemfontein gaan, vanwaar hulle deur die deurgangsroete Lesotho sou binnegaan en die Russe ontmoet. Die agent sou die hele gesprek monitor.

Intussen het Horn opdrag gegee dat soortgelyke ontmoetings ook met Albertina Sisulu, aartsbiskop Desmond Tutu en Boesak gereël moes word.



Allan Boesak

Die agent het Sisulu twee keer gebel, maar kon nie 'n afspraak kry nie. Hy het Tutu een keer op die lughawe ontmoet. Verder was daar die twee afsprake met Boesak in sy kantoor in Belville naby Kaapstad, waartydens Boesak in beginsel ingestem het om Khodyref te ontmoet.

Tydens die tweede ontmoeting met Boesak moes die agent 'n meeluistertoestel in Boesak se kantoor plant, maar het besluit om dit nie te doen nie. Hy was baie beïndruk met Boesak en wou hom nie verraai nie.

Die Suid-Afrikaners was bewus daarvan dat Khodyref 'n Britse paspoort het en voorheen al in Kaapstad opgemerk is. Die agent, op sy beurt, het weer vir Khodyref oorreed om Boesak in Kaapstad te ontmoet.

Intussen het die agent die grondplanne van 5 Militêre Werke, Simonstad en Waterkloof-lugmagbasis in die hande gekry en aan die Russe oorhandig. Hy het ook voortgegaan om boeke, kaarte en ander geskrifte na hulle te smokkel.

Ander militêre planne, onder meer dié van die Lugmagbasis Hoedspruit en die veiligheidsopset by die Lughawe Jan Smuts, is met die toestemming van NID en die Veiligheidspolisie aan die Russe oorhandig om hulle "tevrede" te hou.

Die agent is onder meer per helikopter na Hoedspruit gevlieg om die planne van die lugmagbasis vir die Russe op te trek. Verskeie afwykings is op die planne aangebring om hulle te mislei.

Intussen het Meintjies aan die agent laat weet dat Cosatu belangstel in die ontmoeting. Die plan was om die Cosatu-leiers in hegtenis te neem sodra hul na Suid-Afrika sou terugkeer.

'n Geskil het tussen Horn en die agent ontstaan omdat die Suid-Afrikaners bekommerd was dat hy te na aan Khodyreff beweeg. Hy het ook aan hulle erken dat hy beïndruk was deur Boesak. Hulle het hom gewaarsku dat hy hom nie deur Boesak se "mooi praatjies" moet laat mislei nie.

Agente van NID en die veiligheidspolisie het hom hierna in hotelkamers in Johannesburg en Pretoria ondervra. Hy het erken dat hy met die Russe bevriend geraak het, maar hul verseker dat sy lojaliteite steeds by Suid-Afrika lê.

Die plan met Boesak is hierna verander. Die agent is opdrag gegee om Khodyref 'n slaapmiddel in te gee en deur die geheime deurgangsroete na Suid-Afrika te smokkel waar hul tydens 'n padblokkade in hegtenis geneem sou word.

Die agent sou krimineel aangekla word en moes in die hof getuig oor sy ontmoetings met Cosatu en Boesak. Hy sou ook moes getuig dat die Russe geld aan Boesak verskaf. Foto's van die agent en Boesak saam, wat intussen geneem is, sou as bewysstukke ingedien word.

Khodyref, wat sterk bande met die KGB gehad het, sou gebruik word om 'n internasionale insident en groot verleentheid vir die Russe te veroorsaak. Die Suid-Afrikaners was bekommerd oor moontlike "militêre planne" wat teen Suid-Afrika in die ambassade beraam word.

Die agent het kort hierna besluit dat hy die Russe en Boesak nie kan verraai nie. Hy het Khodyref uit Bloemfontein gebel en van die hele plan vertel. Hulle het hom aangeraai om via die Russiese ambassade in Botswana om politieke asiel aansoek te doen.

Die Veiligheidspolisie en NID het hom hierna lank ondervra. Hy moes sy dagboek en ander dokumente aan hulle oorhandig. Hy word vandag nog deur hulle dopgehou, maar is so onlangs soos vyf maande gelede gevra om weer met Cosatu kontak te maak.

# Rooi komplot

Van bl 1

senior Russiese diplomaat in Kaapstad te reël. Die polisie sou tydens die ontmoeting toeslaan en albei in hegtenis neem. Boesak se "kommunistiese bande" sou bewys kon word en terselfdertyd sou dit 'n insident ontketen oor die Rus wat hom onwettig en in die geselskap van 'n "rewolusionêr" in Suid-Afrika bevind.

Die diplomaat, Oleg D Khodyref, het ook 'n Britse paspoort gehad en is al voorheen in Suid-Afrika gesien. Khodyref was eweneens gretig om Boesak te ontmoet.

* Toe dié operasie uiteindelik skeefloop, is 'n nuwe plan beraam om Khodyref, gewese administratiewe sekretaris van die Russiese ambassade in Lesotho, uit dié land te ontvoer en in Suid-Afrika "in hegtenis" te neem. 'n Slaapmiddel sou tydens die ontvoering gebruik word.

Die agent vir NID en die Veiligheidspolisie sou in 'n padblokkade saam met die Rus in hegtenis geneem word, en krimineel "aangekla" word vir sy bande met die Rus. Hy moes dan tydens die hofsaak getuig oor Boesak en Cosatu se kommunistiese bande.

* Geheime ontmoetings tussen Jay Naidoo en ander leiers van Cosatu en die Russe in Lesotho is gereël. Die Cosatu-leiers sou die agent in Bloemfontein ontmoet vanwaar hy hulle in die geheim in Lesotho sou inneem om die Russe te ontmoet. Die agent sou die vergadering monitor vir latere getuienis.

* Albertina Sisulu en biskop Desmond Tutu was ook op NID en die Veiligheidspolisie se ontmoetingslys met die Russe. Albei is genader.

Vrye Weekblad is vandeesweek ingelig van twee ontmoetings wat aan die einde van 1987 en die begin van 1988 tussen Boesak en die NID-agent plaasgevind het. Die agent, wat hom voorgedoen het as 'n Russiese agent, het Boesak probeer oorreed om Khodyref "in belang van vrede" in Kaapstad te ontmoet. Boesak het in beginsel ingestem.

Die plan het skipbreuk gely toe die NID-agent op die laaste nippertjie besluit het dat hy nie Khodyref en Boesak wil verraai nie. Hy was toe goed bevriend met die Rus en uiters beïndruk deur Boesak. Hy is uiteindelik dae lank deur NID en die Veiligheidspolisie ondervra.

Vrye Weekblad het vandeesweek die NID-agent opgespoor. Hy het erken dat hy Boesak by twee geleenthede ontmoet het en dat hy ook bevriend was met Khodyref en ander Russiese diplomate.

Die naam van die agent is aan Vrye Weekblad bekend, maar mag weens verskeie redes nie bekend gemaak word nie. Dit is dieselfde man wat Boesak ontmoet het.

Die feit dat die Russiese ambassade deur 'n Suid-Afrikaanse agent geïnfiltreer is, het in Junie 1988 daartoe aanleiding gegee dat ambassadeur Stritzkof en twee senior diplomate, Vassili Memonko en Khodyref, verplaas of teruggeroep is. Die ambassade het sedertdien nog nie weer sy ambassadeurstatus teruggekry nie.

Die agent van NID en die veiligheidspolisie het vir maande lank 'n dubbele rol gespeel en nie net die Russe nie, maar ook die Suid-Afrikaners om die bos gelei.

Onderwyl hy meegehelp het om NID en die veiligheidspolisie se planne vir Boesak en die ander aktiviste van stapel te stuur, het hy militêre boeke en videofilms wat hy moes vervaardig, na die Russe toe deurgesmokkel.

Gevra of hy sy afsprake met die betrokke agent onthou, het Boesak gesê: "Ek onthou hom baie, baie goed. Hy het met sy Springbokbaadjie by my aangekom. Hy het aangedring om my te sien. Ek was so half en half geïrriteerd met hom.

"Ons het mekaar uiteindelik twee keer gesien. Hy het vertel van sy bande met die Russe. Met die eerste gesprek het ons tee gedrink en oor die kerk, politiek en ander dinge gesels. Ek onthou nog goed dat hy my gevra het hoe ek oor blankes voel.

"Die tweede keer het hy direk voorgestel dat ek die Russiese diplomaat in Kaapstad ontmoet. Hy het die ontmoeting in belang van vrede voorgestel. Hy het gesê die betrokke Rus sou sy landgenote en regering gaan beïnvloed om vrede na Suid-Afrika te bring.

"Hy was baie geloofwaardig en ek het geen idee gehad hy is 'n agent nie. My standpunt oor die kommunisme is goed bekend en die regering weet dit. Ek het bloot in die ontmoeting belanggestel omdat vrede hier ter sprake was," het Boesak gesê.

# Van Tonder nie verbaas nie

DIT is verbasend dat Melrose-huis in Pretoria - waar die Vrede van Vereeniging in 1902 onderteken is - nou eers opgeblaas is, sê die leier van die Boerestaat Party, Robert van Tonder.

'n Handgranaat het Woensdagaand by die hoofingang van Melrose-huis ontplof en onrekenbare skade is aangerig.

Van Tonder sê dit is verbasend dat daar eers na 88 jaar uiting gegee is aan "ons Boere se wrewel teen hierdie afstootlike plek".

"Lank voor die Engelse Oorlog was Melrose-huis reeds die plek van sameswering van Britse oorlogstokers teen die vryheid van ons geliefde Boere Republiek. In hierdie huis moes ons dappere generaals 'n vernederende Vredestraktaat met die Britse oorlogsmisdadigers onderteken."

Verlede Saterdag het Sapa 'n anonieme telefoonoproep ontvang waarin daar gedreig is om al die geskiedkundige plekke uit te wis waar die erfenis van die volk uitverkoop is.

# Hier kom 'n nuwe Daily Mail

DIE mede-redakteurs van die Weekly Mail het bekend gemaak dat dié koerant oor 'n maand 'n Transvaalse oggendkoerant word.

Anton Harber en Irwin Manoim sê in 'n nuusverklaring die koerant sal die eerste werklik onafhanklike dagblad wees. Dit sal deur die personeel beheer en buite monopolieë staan.

Die eerste uitgawe verskyn op 20 Junie.

"Die koerant sal hom beywer vir onafhanklike, kritiese dekking van die volle spektrum politieke en sosiale aktiwiteite," lui die verklaring. Die klem sal op die beskerming van menseregte en gelyke regte vir alle Suid-Afrikaners asook vryheid van spraak wees.

Volgens die redakteurs sal die koerant heelwat inligting vir denkende Suid-Afrikaners dra, wat nie as "wit" of "swart" nuus gekategoriseer kan word nie. Bowenal sal die koerant die "voorkoms en gevoel" van die negentigerjare uitdra.

Buiten die personeel, is die meeste aandeelhouers Suid-Afrikaners soos Dick Enthoven van Hollard Insurance, Peter Wrighton van die Premier-groep, Kate Jowell, Ben Rabinowitz, David Sussman en voormalige Weekly Mail-aandeelhouers soos Helen Suzman, Ismail Mohamed en Sydney Kentridge. Die Britse aandeelhouers sluit David Astor, Peter Palumbo, sir Mark Weinberg, Tony Bloom en David Sainsbury in.

# Oom-dominee vir Matie-redakteur

PEARLIE JOUBERT

DIE Stellenbosse Mediakomitee, om seker te maak dat daar nie weer van knaters en effies in Die Matie gepraat word nie, het 'n 35-jarige oom-dominee as redakteur aanbeveel.

Onlangs het die Studenteraad en Mediakomitee die subredakteur van Die Matie, Tina du Toit, geskors weens "ongure taalgebruik" en "morele standaarde wat nie die Christelike waardes van Maties uitdra nie". Nou, met die aanstelling van die nuwe redakteur wou die Mediakomitee, 'n SR-subkomitee, seker maak dat Die Matie nie weer verval in "immoraliteit" nie en het vir Jan Bronkhorst, 'n 35-jarige teologiestudent in sy tweede jaar, aanbeveel as die nuwe redakteur.

Oom-dominee was nog nooit op die redaksie van Die Matie nie, weet nie wie die voorsitters van politieke organisasies op kampus is nie, ken nie die verskillende onderafdelings van Die Matie nie en sê sy stokperdjie is "stap en dink".

Maar, oom het, volgens lede van die Mediakomitee, gesê hy het genoegsame ondervinding as joernalis om redakteur van Die Matie te wees.

In sy onderhoud met die mediakomitee het Bronkhorst gesê hy was vir een jaar redakteur van die Streekburger. Die huidige redakteur, Buitestedelik, Louise Fucht, sê egter dat Bronkhorst net vir 'n maand by die Streekburger gewerk het. Hy het ook aan die Mediakomitee gesê dat hy twee jaar op die algemene-redaksie van Die Burger was. Navraag by Die Burger het egter getoon dat Bronkhorst slegs vir nege maande daar gewerk het.

*Sluiting van onderwyskolleges*

# Gaan Oudtshoorn na Worcester verskuif?

PEARLIE JOUBERT

DIE sluiting van opleidingskolleges veroorsaak groot ontsteltenis onder studente en dosente omdat dit lyk asof dié besluite op regeringsvlak gemaak word en in baie gevalle om foute toe te smeer.

Die Ministersraad en Direktoraat van Onderwys in die Raad van Verteenwoordigers dreig reeds van vroeg in 1988 dosente en studente dat die Onderwyskollege Suid-Kaapland op Oudtshoorn gesluit gaan word.

Indien dié kollege gesluit word, sal die Klein-Karoo, Suid-Kaapland en die Groot-Karoo sonder enige tersiêre inrigting wees.

Die Direktoraat beplan blykbaar om studente na Sohnge in Worcester te verskuif waar daar onlangs 'n groot nuwe Onderwyskollege opgerig is.

Dié kollege staan blykbaar omtrent leeg en die Departement van Onderwys en Kultuur is in 'n groot dilemma omdat Sohnge miljoene rande gekos het.

Die Inspekteur van Kolleges, Nico Fleurs, het in 1988 die Onderwyskollege van Suid-Kaapland besoek en die volgende redes vir die sluiting van dié kollege aangevoer: 'n afname in die leerling-aanwas, 'n surplus onderswysers, en die onvoldoende infrastruktuur van Oudtshoorn.

Tait sê die onderwyser/kind-verhouding in wit skole, universiteite en kolleges is tans 1:19. "Om dit te bereik in swart skole, benodig ons onderwysers," sê hy.

Volgens 'n dokument van die Departement van Onderwys en Kultuur, Die Beplanning van Onderwyseropleiding, was daar in 1988 altesame 34 387 onderwysers met geen opleiding na matriek nie.

Indien drie jaar na-skoolse opleiding as norm vir die onderwysers dien, sou die getal onder-gekwalifiseerde onderwysers ongeveer 18 280 wees. Van dié totaal het 1 277 onderwysers nie grade of onderwysdiplomas nie.

Die gaping word aangevul deur wit onderwysers en afgetrede onderwysers.

Die onderwyser/leerling-verhouding vir die verskillende onderwysdepartemente lyk as volg:

Volksraad: 1:19
Raad van Verteenwoordigers: 1:26
Raad van Afgevaardiges: 1:23
Onderwys en Opleiding: 1:41

Indien die bevolkingsgroei van swart kinders jaarliks toeneem met 3,3 persent, sal daar in die jaar 2000 ongeveer 300 000 onderwysers nodig wees.

Dié statistieke wys duidelik dat die "surplus-onderwyser"-rede, soos aangebied deur die Direktoraat van die Raad van Verteenwoordigers, nie korrek is nie.

Vroeg vanjaar het die Uitvoerende Direkteur van Onderwys, AW Muller, die Onderwyskollege Suid-Kaapland besoek en gesê daar bestaan 'n onderbenutting van klasruimte by die Sohnge Onderwyskollege.

Hy het ook gesê dat die Onderwyskollege Suid-Kaapland nie aan die Suid-Afrikaanse Na-sekondêre Opvoedingsnorme (SANSO-norme) voldoen nie.

Vroeg vanjaar het die Uitvoerende Direkteur en lede van die Direktoraat die kollege besoek en aan dosente en studente gesê dat daar 'n sterk moontlikheid bestaan dat dié kollege gesluit gaan word.

Op 19 Maart vanjaar het 'n afvaardiging van die kollege, onder leiding van die rektor, L Tait, die direktoraat besoek en gesê daar bestaan geen rede waarom die Onderwyskollege Suid-Kaapland gesluit moet word nie. Hoewel die Direktoraat saamgestem het, het hulle gesê die finale besluit vir die sluiting van die kollege berus by die Ministersraad.

Volgens dosente is hulle bang dat studente, wat hul opleiding in die stede moet gaan voltooi, nie maklik weer na die platteland terug sal keer nie.

Tait sê daar bestaan reeds 'n tekort aan onderwysers in die plattelandse gebiede en die sluiting van die Onderwyskollege Suid-Kaapland, sal geensins dié probleem verlig nie.

Dosente en studente is baie ontevrede oor dié besluit en meen dat die sluiting van die kollege neerkom op gedwonge verskuiwings en die "ontworteling van die gesinnne".

Studente meen ook dat die sluiting van dié kollege 'n swaar finansiële las op ouers sal wees wat reeds finansieel baie swaar kry.

Volgens Tait is hy en sy personeel nie daarvan oortuig dat die Direktoraat se besluit om die kollege toe te maak suiwer weens opvoedkundige redes is nie.

# Skole-boikot ná afdanking

PHINEUS TSHUKUDU

DIE Departement van Onderwys en Opleiding het dertien onderwysers van Letlhabile en Oukasie by Brits afgedank weens beweerde wangedrag.

Die onderwysers is verbonde aan Ikaneng Sekondêre Skool, Itumeleng Primêre Skool en Bothlabela Primêr van Oukasie.

By 'n vergadering wat dié week deur inwoners en onderwysers van die gebied gehou is, is daar op algehele steun vir die geskorste onderwysers besluit en altesame 36 skole in die Brits-omgewing word nou deur 'n boikot-aksie geraak. Inwoners van die gebied het hul eise geformuleer en 'n onderwysers-afvaardiging sal 'n petisie waarin die griewe vervat word, aan die departement oorhandig.

Dié gebeure volg op 'n voorval vroeër in Mei waartydens 'n vergadering van die streeksdirekteur van die departement, Job Schoeman, wat met hoofde van skole in die gebied gehou is, deur onderwysers ontwrig is omdat Schoeman na bewering die hoofde probeer beïnvloed het om nie by 'n vakbond aan te sluit nie.

Intussen eis die geskorste onderwysers dat hulle dadelik weer hul poste kan vul sonder enige verlies in salaris. Hulle eis ook dat meer skole in die Brits-omgewing gebou moet word.

# Ons loop op die maan, maar sukkel om te lees

CHRISTELLE DE JAGER

IN 'n wêreld waar die mens al op die maan geland het en gesofistikeerde rekenaarsisteme ontwikkel word, is dit moeilik om te glo dat ongeletterdheid die uitsondering is.

Maar daar is nog steeds 900 miljoen ongeletterde mense in die wêreld, waarvan soveel as 15 miljoen in Suid-Afrika is. Die Verenigde Volke het 1990 as die Internasionale Jaar van Geletterdheid verklaar, met die doel om ongeletterdheid teen die jaar 2000 uit te wis. Die Wes-Kaapse Samewerkingsgroep vir Geletterdheid (WSG) sê in sommige dele van die Wes-Kaap kan agt uit 10 mense nie eens in hulle moedertaal lees of skryf nie, wat nog te sê van die amptelike landstale Engels en Afrikaans.

Op die middag van 31 Mei gaan verskeie geletterdheidsorganisasies 'n kulturele saamtrek by die St Francis Volwasse Onderwyssentrum in Langa hou. "Die doel van die saamtrek is om die kwessie van ongeletterdheid in ons gemeenskappe na vore te bring. Geletterdheid moet 'n kwessie word wat in gemeenskapsorganisasies aangespreek word en waarom daar gemobiliseer word," meen die WSG.

In Maart verlede jaar het verskeie geletterdheidsorganisasies wat 'n toekomsvisie van 'n nie-rassige, demokratiese Suid-Afrika deel, die Nasionale Samewerkingsgroep vir Geletterdheid gestig.

Hulle doel vanjaar is om mense bewus te maak van ongeletterdheid en om die bewussyn onder mense te skep dat geletterdheid 'n taak is wat deur enige demokratiese regering aangepak behoort te word.

# 294 steeds in aanhouding

DAAR is nog steeds 294 mense wat ingevolge die noodtoestand in Suid-Afrika aangehou word, waarvan 10 op 'n hongerstaking is, sê die Menseregtekommissie in hul jongste verslag.

Sewe van die 10 hongerstakers, wat hul eetstaking op 14 Mei begin het, is van die Potchefstroom-gevangenis na die Grootvlei-gevangenis verskuif, waar hul toestand volgens die kommissie daagliks versleg.

Die sewe is Zacharia Molekane, Ignetious Dipicho, Willy Maphosa, Moses Duma, Patrick Maloi, Lorenti Sibidi en Joseph Molapisi.

Dennis Masuku, die onderpresident van die Tembisa Youth Congress, wat sedert 20 April aangehou word, het op 3 Mei 'n hongerstaking begin en is daarna van sy mede-gevangenes geskei en na die Pretoria Sentrale Gevangenis verskuif. Die ander twee hongerstakers is steeds in die Potchefstroom-gevangenis.

Daar is tans 142 aangehoudenes in die Wes-Transvaal, waar twee mense in die afgelope week in aanhouding geneem is, 70 in die Vrystaat, 47 in Noord-Transvaal, 20 in Natal, sewe in die PWV-gebied en agt in die Oos-Kaap. Daar is ook nog 39 mense wat onder Seksie 29 van die Wet op Binnelandse Veiligheid aangehou word, asook ses onder Seksies 31 en 14 wat in Bophuthatswana onder die noodtoestand aangehou word.



*Stryd om Mier duur voort*

# Die hartseer om jou eie grond te probeer red

**Uit die Kalahari het 'n agtman-afvaardiging van Mier dié week vir die tweede keer persoonlik kom vertoë rig by die parlement dat hul gesamentlike erfgrond nie in private hande moet val nie. ELSABé WESSELS het na hul ontmoeting met eerw Allan Hendrickse met die Mier-afvaardiging gesels.**

WAT doen 'n mens as die agbare minister nie wil luister nie? Jy pak maar weer die agtmanspan in 'n bakkie en ry 'n duisend kilometer suid om persoonlik die saak te kom aandurf. So is dit vir die inwoners van Mier.

Woensdagmiddag het sake met eerw Allan Hendrickse egter minder goed gevlot. Die manne is terug huis toe met die gevoel dat die leier van die Arbeidersparty en voorsitter van die Ministersraad sommer goed onbeskof met hulle was.

Die boorlinge van die Kalahari se betoog is gemik teen 'n voorgestelde wetsontwerp in die Huis van Verteenwoordigers wat terugwerkend hul trustgrond in eenhede vir private besit, 'n township en 'n wildplaas wil omskep.

Kortom, stukkie vir stukkie word hul erfgrond verkoop. Maar die nodige wettige toestemming het kortgekom en dit is die rede vir die wetsontwerp wat terugwerkend van aard sal wees. Daarvolgens sal alle ander inwoners weiregte vir hul diere verloor.

Hoewel dit dekades reeds nie die geval is nie, sê die afvaardiging van die Mier-inwonersvereniging dat hul weer wil boer soos daar in die voorjare geboer is. Toe was die ganse trustgrond verdeel in somerweiding, winterweiding en spaar- of noodweiding. En almal het saamgeloop. Maar dit was dekades gelede.



**Oom Paul Cloete, een van die lede van die eerste Mier-afvaardiging**
*(Foto: Eric Miller - Afrapix)*

Die oudste lid van die afvaardiging en voorsitter van die inwonersvereniging, die 71-jarige oom Johannes de Klerk, onthou dat hulle in die vyftigerjare reeds regshulp ingewin het om die onteiening van hul erfgrond stop te sit.

Baie het beloftes gemaak dat hulle die gemeenskap sou help om hul grond terug te kry. So ook Allan Hendrickse, vertel oom Johannes, jare lank 'n takvoorsitter van die Arbeidersparty op Mier.

"Vandag het hy gemaak asof hy my nie ken nie, maar vir hom ken ek. Hy het by my huis gekom op Rietfontein. Daar by 'n boom by my huis het ons vergadering gehou. "Help julle my net dat ek op daai stoel kom, dan sal ek wys wat ek vir julle kan doen." So onthou oom Johannes Hendrickse se belofte.

"Hendrickse is gekies op beloftes. Die dinge van die grond het ons baie voor hom gegooi. Dan het hy net gesê: "Bring my op die stoel dan sal ek my beywer om julle grond vir julle te behou."

Volgens oom Johannes het die Kalahari-kiesafdeling se Arbeidersparty se LP, A Julies, wat ook die minister van Plaaslike Bestuur en Landbou is, dieselfde beloftes gemaak. "Julle kan my by die donkerste deur indruk - ek sal julle help. Rome is nie in een nag gebou nie," haal hulle die minister aan.

Die afvaardiging glo Hendrickse het hul te woord gestaan net omdat hulle hom laas gesê het hoewel pres De Klerk se deur oop is vir almal, die deur van Hendrickse vir hulle gesluit is.

Woensdagmiddag het die minister hulle sommer van 'n kant af ingeklim, vertel die voorsitter van die Namakwalandse burgervereniging, Jan Cloete.

Volgens Cloete het Hendrickse veral sy humeurigheid uitgehaal op die wit lede van die afvaardiging wat die inwonersvereniging se prokureur, 'n gemeenskapswerker en 'n verteenwoordiger van die UDF ingesluit het.

"Vir iemand in so 'n hoë posisie verwag jy nie dié tipe benadering nie. Ons weet almal hy is voorsitter in die Raad van Verteenwoordigers. Hy hoef nie nou sodanig sy stelsel op ons af te gedruk het nie. Veral nie nadat hy nog nooit die moeite gedoen het om enige vertoë wat ons aan hom gerig het te antwoord nie," sê Cloete.

"Dit het hy gedoen wetende dat ons nie so hoog geskool is en opgewasse teen hom as minister in so 'n hoë posisie is nie. Daarom is dit reg dat ons gelei word. Maar hy hou nie daarvan nie," sê Cloete.

Daar was 'n gevoel van ons kan sommer self onderhandel, hoekom die witmense bysleep, meen die afvaardiging.

Hulle voel Hendrickse is aangevuur deur suur druiwe. Op drie geleenthede het dieselfde span regsverteenwoordigers namens die Namakwalandse burgervereniging die Raad van Verteenwoordigers hof toe geneem oor landsake op Leliefontein, Steinkopf en die Richtersveld-Suid. Elke keer het die Raad die onderspit gedelf.

Ook in die Raad se onderhandelinge met Mier het sake nie vlot verloop nie. Heelwat kritiek is op die Raad van Verteenwoordigers en die Arbeidersparty in Februarie vanjaar uitgespreek toe die Mier Landelike Gebied Wetsontwerp die eerste keer ter tafel gelê sou wórd. Dit is ter elfder ure teruggetrek nadat die afvaardiging van die Kalahari persoonlik met 'n petisie by die parlement opgedaag het. Dié week het dieselfde gebeur.

Die onder-voorsitter van Mier se inwonervereniging, Petrus Vaalbooi, voel dat daar nie van Mier 'n speelbal gemaak moet word nie. "Elke keer maak hulle net nuwe beloftes. Laas het hulle gesê hulle sal die gemeenskap kom raadpleeg. Julies was wel daar. Maar daar was geen openbare ondersoek nie. Hulle het net met die bestuursraad wat ons verwerp, gepraat. Hulle bespreek net die saak met 'n klein groepie wat hulle goedgesind is."

Vir die oomblik wil die mense net die wetsonwerp stop. Aan diegene wat geld het om grond te koop, sê hulle: gaan doen dit buite die trustgebied sodat Mier vir die tradisionele leefwyse van die boorlinge van die gebied behoue bly.

# Dit was die toekoms of onderdrukking

**PEARLIE JOUBERT**

"INDIEN ons Suid-Afrikaners niks anders uit ander lande se demokratiseringsproses leer nie, is dit belangrik dat ons leer dat demokrasie oor die institusionalisering van onsekerheid gaan."

Mark Swilling van die Sentrum van Beleidstudies aan die Universiteit van die Witwatersrand en dr Frederik Van Zyl Slabbert, beleidmaker van Idasa, het Dinsdagaand op 'n vergadering in Pretoria gewys op die ooreenkomste tussen Suid-Afrika en ander lande wat vanaf outoritêre na meer demokratiese samelewings beweeg het.

Volgens Swilling geskied die demokratisering van 'n samelewing in drie fases: 'n liberaliserings-, demokratisering- en konsolideringsfase.

Hy sê dié prosesse word gekenmerk aan krisisse, onsekerhede, hoogte- en laagtepunte. Hy sê egter dat dié onsekerhede noodwendig gepaard gaan met 'n demokratiseringproses omdat outoritêre staatsbestelle juis alle onsekerhede uit die weg ruim deur streng beheer en regeringsmetodes.

Slabbert sê aan die middelpunt van die Suid-Afrikaanse politieke probleem lê wit minderheidsdominasie.

Die eerste fase van wit oorheersing het volgens Slabbert reeds in 1907 begin. Die eerste fase, 1907 tot 1948, was 'n tyd van onproblematiese wit oorheersing. Die tweede fase, 1948 tot 1958, was volgens hom 'n tyd van "kru-apartheid en die reaksie van Afrikaner-nasionalisme". Volgens hom is baie van die wette, soos vervat in die grondwet, wat nou brandpunte in onderhandelinge tussen die regering en ANC is, in dié tyd gemaak - onder meer die groepsgebiedewet. Die derde fase, 1958 tot 1978, is gewy aan die voorbereiding van 'n konstitusionele program waarvolgens die probleme van 'n wit minderheidsregering opgelos kan word.

"Die teorie en skepping van aparte nasies en -ontwikkeling is in dié tyd geformuleer en is gegrond op die aanname dat 'n mens nie swarten witmense in een grondwet kan akkommodeer nie."

Slabbert meen dat die militêre strukture onder PW Botha verantwoordelik was vir die idee van "adapt or die" - wat 'n uitvloeisel was van massa-mobilisering en teenstand van die meerderheid mense in die land.

"Toe Botha in 1979 oorgeneem het, het ons die dekade van hervorming betree. Hervorming onder Botha het beteken dat wit minderheidsdominasie aangepas moet word sonder om dit prys te gee - hoe om mag te deel sonder om dit te verloor."

Volgens Slabbert het dié situasie aanleiding gegee tot die doodloopstaat waarin die regering hulle voor onderhandeling bevind het.

"Dit wys duidelik dat die regering, vandag nog, verbind was tot 'n soort totale strategie wat behels dat hulle steun probeer kry vir hul eie hervormings - binne en buite die parlement.

"Dié strategie het gelei tot die dekade van die tagtigs waar die ANC die vlagskip van teëstand geword het omdat PW en Magnus besluit het om dié persepsie te skep. Dit het aan die regering geen ander keuse gelaat as om terug te val op sekuriteit nie weens die reaksie en die teëstand wat gevolg het."

Slabbert meen dat dit aan die einde van tagtigs redelike harde keuses aan die regering gelaat het: òf daar word na die toekoms gekyk òf daar word net voortgegaan met outoritêre onderdrukking.

"Dit vorm die bestanddele vir onderhandeling: Aan die een kant internasionale druk (sanksies en isolasie), binnelandse druk (opstand, geweld en onderdrukking) en druk vanuit die buurstate wat noodwendig die regering dwing om politieke oplossings te soek (vrylating van politieke gevangenes, aftakeling van apartheidstrukture en onderhandelinge)."

Volgens hom het dit aanleiding gegee tot 'n politieke situasie wat nog nooit voorheen binne 'n koloniale konteks gebeur het nie: "Die wit minderheidsregering het begin om homself uit mag te onderhandel met die hulp van sy opponente."

# Alle kerke dalk tog byeen

**INA VAN DER LINDE**

'N POGING om tog nog 'n kerkeberaad vir alle kerke in die land te reël, maar dan sonder die Staatspresident en die regering, gaan aangewend word deur dr. Allan Boesak, moderator van die NG Sendingkerk, en ds Marcus Maphoto, moderator van die NG Kerk in Afrika.

Dié besluit is Woensdag geneem op 'n gesamentlike vergadering van die moderature van die NGKA en die NGSK. Kort tevore het dié twee kerke saam met die moderature van die wit NG Kerk en die Reformed Church in Africa (die sogenaamde Indiër-kerk) vergader en die moontlikheid bespreek.

Boesak het gister gesê 'n kerkeberaad sonder die SA Raad van Kerke, soos wat nou gaan gebeur met die Staatspresident se beraad wat deur dr Louw Alberts se loodskomitee gereël word, is ondenkbaar. Die lidkerke van die SARK is juis die kerke wat geskiedkundig geworstel het met die probleme van apartheid.

Die SARK, wie se lidkerke bykans al die sogenaamde tradisioneel Engelssprekende kerke uitmaak, het geweier om aan die Staatspresident se kerkeberaad deel te neem.

Boesak en Maphoto wil binne die volgende paar dae 'n gesprek met die Uitvoerende Bestuur van die SARK probeer reël om die saak te bespreek. Daarna sal in gesprek getree word met die loodskomitee van Alberts oor die moontlikheid om die Staatspresident se beraad af te stel.

Boesak meen die kerke moet self eers die ding uitspook voordat daar na die regering gegaan kan word met 'n boodskap oor die rol wat die kerke kan speel om versoening en vrede te bewerkstellig.

Intussen blyk dit dat die Staatspresident se kerkeberaad volstoom voortgaan, selfs al sou dit sonder die SARK wees. Prof Johan Heyns, moderator van die NG Kerk, het gesê die beraad het reeds so ver gevorder dat dit moeilik sal wees om dit in dié stadium te verskuif.

* Oor die kwessie van kerkeenheid tussen die NGKA en die NGSK is besluit dat die swart kerk op sy buitengewone sinode, wat die konvent oor kerkeenheid in Oktober sal voorafgaan, oor die aanvaarding van die Belydenis van Belhar as 'n vierde belydenisskrif, sal besluit.

Boesak het egter gister nadruklik gesê indien die NGKA inhoudelike teologiese besware teen Belhar sou hê, dit die eenheid tussen die kerke in gevaar sal stel.

* 'n Uitnodiging is tydens die samespreking tussen die vier moderature aan die NG Kerk en die RCA gerig, om hulle by die beoogde Verenigende Kerk aan te sluit.

# Shell ondersteun die reg van alle mense om te woon waar hulle wil

Ons werk om nou 'n verskil te maak.

## Half-dooie HNP skop weer

# Hul praat selfs van 'n skietery

INA VAN DER LINDE

**DIE eens sterwende Herstigte Nasionale Party van Jaap Marais het skielik nuwe lewe begin kry. En dié hupsheid het baie te make met die feit dat kragte saamgesnoer is met die AWB van Eugene TerreBlanche, nog 'n groep wat voor die verwikkelinge in die NP-politiek, sterk aan 't kwyne was.**

Dié gesamentlike HNP en AWB-vergadrings lok orals op die platteland, van Volksrust tot Potchefstroom, skares van tussen 2 000 en 3 000. So sê Louis van der Schyff, hoofsekretaris van die HNP.

"TerreBlanche is soos rockmusiek. Saam met die uniforms en die vertoon wek dit emosies op en dit lok die mense. Terselfdertyd kry hulle die helder politieke ontledings van Jaap Marais," sê Van der Schyff, wat aan die begin van die jaar as hoofsekretaris aangestel is.

Marais en die HNP is met hul beginsels van die apartheidspolitiek die ankerpunt wat die droppers in die draad regop hou. "Ons word gesien as die enigste ware verlengstuk van die apartheidsideologie van Hendrik Verwoerd."

Die nuwe lewenskrag blyk ook uit die nuwe hoofkwartiere wat die HNP so pas betrek het: 'n establishment-huis in Hatfield, die ou gevestigde woonbuurt vir professors en beroepsmense in Pretoria. Hoë plafonne, soliede houtdeure en dik houtrame, 'n swembad in die voortuin.

Die spogvertrek in die huis is 'n "raadsaal", gewy aan heldefigure van die party. Voor 'n spieël teen die een muur staan 'n borsbeeld in brons van die partystigter, Albert Hertzog, bokbaard en bril. Voor 'n nog groter spieël is 'n borsbeeld in hout van Hans Strijdom, voormalige Eerste Minister. Teen die ander muur is 'n borsbeeld van Jaap Marais neffens 'n groot skildery van hom. Staalgrys hare en staalgrys oë.

Orals is foto's van Boere-generaals. Christiaan de Wet is daar, en De la Rey, en Paul Kruger. Ook die hele ZAR-kabinet.

Het die party vir die werkersklas nou 'n establishment-party geword? Nee, sê Van der Schyff, hulle veg nog steeds vir die gewone man wat ekonomies gebuk gaan onder die regering.

Maar hulle het vaste eiendom gekoop om aan die wittes wat oppak en die land nou "in strome" verlaat, en aan die ANC wat die land in strome binnekom, te wys dat die HNP hier is om te bly.

Die HNP praat ook deesdae van 'n skietery. Daar's niks wat 'n skietery meer kan keer nie, sê Van der Schyff. Behalwe miskien as die "demokratiese opsie" uitgeoefen word. Dit is die voorstel dat die sowat 500 regse stadsraadslede almal moet bedank en sodoende 'n algemene munisipale verkiesing afdwing.

Natuurlik is die meeste regse stadsraadslede KP's. En die KP wil nie toegee nie.

"Ons sal veg tot ons gewen het, maar padgee sal ons nie." En onderhandel, blyk dit, ook nie.

"'n Mens onderhandel nie oor oorlog nie. Jy verklaar oorlog. As 'n mens na die onderhandelingstafel gaan, beding jy vir vrede en toegewings word na beide kante gemaak. Een van dié toegewings is aan die ANC om Suid-Afrika af te gee.

"Suid-Afrika het in 1961 een blanke staat geword. Dit is blanke eiendom en ons het die seggenskap om oor die land te regeer. Daar is geen rede om te onderhandel nie.

"Ons moet in 'n blok as regses wegbly van die onderhandelingstafel, sodat FW gebrandmerk kan staan as die verraaier van die witman."

Die ou bitterheid teen die KP loop steeds sterk. Treurnicht se weiering in 1989 om saam te werk, het beteken dat die regses die verkiesing verloor het, glo hy.

Die leiers van die HNP en die AWB gaan ook nie môre aan die KP se "volksvergadering" by die Voortrekkermonument in Pretoria deelneem nie.

As die KP in 1982 nie 'n eie party gestig het nie, maar met die HNP saamgesmelt het, was hulle vandag aan bewind, sê Van der Schyff.

Met die massa-bedankingplan van die HNP word gehoop om tyd te wen, sê Van der Schyff. As die stadsraadslede nie 'n verkiesing kan afdwing nie, moet die KP-volksraadslede bedank.

"Op dié manier kan ons die politieke proses stop, want dan moet De Klerk eers teen die regses veg. Samewerking tussen die regses sal 'n ontspanning tussen die HNP en KP meebring, wat regse eenheid 'n groter moontlikheid maak."

Tyd vir wat? Sodat allerhande dinge moontlik in die swart politiek kan gebeur, sê hy. En so terloops, hy hoor Mandela het kanker. En ook dat die ANC nie so sterk is soos beweer word nie.

Dan is daar nog die kwessie van Aids, sê Van der Schyff. Hy hoor die toename in Aids onder swart vroue het die afgelope jaar verdriedubbel. Mense kom met statistieke - en die statistieke is 'n onderskatting - wat wys dat die aantal Aids-gevalle elke ses maande verdubbel.

Die scenario lyk volgens hom verder so: Teen die jaar 1997 sal daar net 7,5 miljoen swartmense in die land oor wees. Dan is die blankes in die meerderheid. Dit verklaar die haas van die ANC om te onderhandel, want Afrika is besig om te ontvolk.

"Ons moet net tyd wen," sê Van der Schyff.

# SA verwaarloos kinderregte

**INTERNASIONALE Kinderdag word op 1 Junie oral ter wêreld, ook in Suid-Afrika, gevier. Maar wat is Suid-Afrika se werklike houding jeens kinderregte?**

Nie goed nie, volgens die South African Association for Early Childhood Educare (SAAECE). Dié organisasie sê dat daar in Suid-Afrika 'n geweldige hoë vlak van uitbuiting van kinders is, asook grootskaalse verwaarlosing en mishandeling.

SAAECE sê ook dat die Suid-Afrikaanse regering nog geen verbintenis tot die breë beginsels van kinderregte gemaak het nie.

In November 1989 het die Verenigde Volke die wetlik-bindende Internasionale Konvensie op Kinderregte aanvaar en gevra dat lande dit moet onderteken. Die Suid-Afrikaanse regering het dit tot dusver nog nie onderteken nie en het ook nooit die VVO se Verklaring van die Regte van die Kind aanvaar nie.

"Kinders het 'n reg tot vroeë opvoeding en sorg, nie net vir hul persoonlike ontwikkeling nie, maar as 'n belangrike bydrae tot die toekoms van die land," sê SAAECE woordvoerder, Bronwen Eckstein.

Die SAAECE doen dus nou 'n beroep op die regering om die Internasionale Konvensie op Kinderregte te teken as 'n eerste stap om toestande vir al die land se kinders te verbeter.

Een terrein waar daar 'n geweldige agterstand is - weens die regering se onwilligheid om meer geld daaraan te bestee - is voorskoolse onderwys, sê Eckstein.

Sy sê net 6 persent van Suid-Afrikaanse kinders het toegang tot voorskoolse opleiding en sorg, en in die swart gemeenskap daal die syfer tot 0,5 persent. 'n Voorbeeld van die gevolg hiervan is dat amper 'n kwart van swart kinders nie graad 1 slaag nie.

Die min kleuterskole wat wel bestaan, is oorvol of vir die rykes gereserveer, en daar is mense wat die behoefte aan voorskoolse sorg gebruik om geld te maak.

Die probleem, sê Eckstein, is dat jong kinders nie hulself teen uitbuiting kan beskerm nie en dat 'n groot getal kindersorggeriewe deur onopgeleide mense beheer word wat net 'n vinnige wins wil maak.

"Ouers word dus in 'n posisie geplaas waar hulle gedwing word om hul kinders te verwaarloos omdat daar nie 'n alternatief is nie," sê Eckstein.


CASSETTE MAIL ORDER FORM

| TYPE | NUMBER | SUB TOTAL |
|---|---|---|
| MANDELA SPEECH | X..........X R15.00 EACH = | ...................... |
| THE HOME COMING | X..........X R13.00 EACH = | ...................... |
| CASSETTE COST TOTAL | = | ...................... |
| POSTAGE COST TOTAL (SEE BELOW) | = | ...................... |
| TOTAL AMOUNT ENCLOSED | = | ...................... |

FROM:
NAME..........................................................................................
ADDRESS......................................................................................
..................................................................................................
..................................................................................................

REGISTERED POSTING
ALLOW 7 - 21 DAYS DELIVERY

| | | |
|---|---|---|
| 1 - 4 | CASSETTES | = R2.50 |
| 5 - 9 | CASSETTES | = R4.00 |
| 10 - 14 | CASSETTES | = R5.50 |
| 15 - 19 | CASSETTES | = R7.00 |

EXPRESS REGISTERED POSTING:
(ALLOW 1 - 7 DAYS DELIVERY)

| | | |
|---|---|---|
| 1 - 4 | CASSETTES | = R5.00 |
| 5 - 9 | CASSETTES | = R6.50 |
| 10 - 14 | CASSETTES | = R8.00 |
| 15 - 19 | CASSETTES | = R9.50 |

PLEASE SEND ORDER TO:

FRONTIER PUBLICATIONS
INCWADI PUBLIKASIES
ROOM 201 CAPITOL BUILDING
545 MAIN STREET: NORTH END
PORT ELIZABETH 6001

(A NON-PROFIT MAKING PROJECT)

PROGRESSIVE ORGANISATIONS
UNIONS AND INSTITUTIONS
TEL (014) 546329 1 PM - 4.30 PM
FOR BULK ORDER RATES

PLEASE NOTE: OFFER ENDS JUNE 30TH 1990
WE CANNOT ACCEPT C.O.D. ORDERS
WRITE OUT ALL POSTAL ORDERS TO FRONTIER PUBLICATIONS






Essence of Madiba's message to the nation set to Electro-dance rhythmns
Proceeds from sales go the National Reception Committee
Available at your local record store, or phone
SHIFTY RECORDS at (011) 648-1893/4
Distributed by TUSK
Full text of Mandela's speeches also available on cassette - "Mandela Speaks".

AGTERGROND

## *Gemeenskappe nader aan mekaar gedwing*

# Verbruikersboikotte wérk

CHRISTELLE DE JAGER

**VERBRUIKERSBOIKOTTE - 'n Verdelende politieke wapen wat onrus in gemeenskappe saai en niks bereik nie, of 'n vreedsame manier om verandering te weeg te bring en vir onderdrukte gemeenskappe om hul eise te ondersteun?**

Die kwessie is 'n emosionele een wat dikwels 'n negatiewe beeld onder die wit gemeenskap het van swart gemeenskappe wat deur "radikales" geïntimideer en uitgebuit word.

In 1985 is verbruikersboikotte landwyd deur die United Democratic Front as 'n politieke taktiek gebruik en in die afgelope jaar word dit al hoe meer in plattelandse dorpe en konserwatiewe munisipaliteite soos Welkom en Boksburg gebruik.

Die meeste witmense bevraagteken die waarde van 'n verbruikersboikot en selfs politieke partye soos die Demokratiese Party is maar traag om die gebruik van taktieke soos boikotte amptelik te steun.

Maar dit kan nie ontken word nie dat in baie van die gemeenskappe waar daar verbruikersboikotte was, gesindhede wel verander het en dat vordering met kommunikasie tussen verskillende rassegroepe wel gemaak is.

Boksburg het bekend geword as die simbool van apartheid in Suid-Afrika nadat die KP-stadsraad swartmense die Boksburg-meer verbied en rassegeweld daar uitgebreek het.

Na 'n 14 maande lange verbruikersboikot het 'n studie deur die Beleidsnavorsingseenheid van die Amerikaanse Kamer van Koophandel gewys dat KP-sakemense op Boksburg, wat die hardste getref is gedurende die boikot, ten gunste is van die oopstel van die sentrale sakegebied vir alle rasse.

In die plattelandse dorpies in Oos-Kaapland waar daar sedert November verlede jaar 'n reeks boikotte plaasgevind het, is die verandering in die oorwegend Afrikaanssprekende boeregemeenskappe nog duideliker.

In dorpe soos Kirkwood, Cathcart, Stutterheim en Komga praat die dorpsrade, sakemense en swart inwonersverenigings nou saam oor hul toekoms en probleme.

Permanente skakelkomitees met die doel om dié kommunikasie te fasiliteer is saamgestel en daar heers 'n gees van opgewondenheid oor wat bereik word.

In Stutterheim - met 'n wit gemeenskap van 3 500 en 'n swart gemeenskap van 20 000 - moes veertien van die dorp se 105 gelisensieerde sake-ondernemings na 'n verbruikersboikot wat ses maande geduur het, sluit. Die boikot het twee weke gelede geëindig en gister het die dorpsraad en die township-organisasies hul eerste gereelde vergadering gehou.

"Ja, albei kante het baie swaargekry, en ons moes hard werk om bymekaar uit te kom, maar ons het dit gedoen en het mekaar nou as mense met 'n gesamentlike toekoms leer ken," sê burgemeester Nico Ferreira.

"Apartheid het mos veroorsaak dat ons wêrelde apart is, al bly ons in dieselfde dorp. So naby, maar tog so ver van mekaar. Dit veroorsaak baie verkeerde opvattinge, maar as jy eers vriende maak en mekaar se menslikheid begryp, kan dinge verander," sê hy.

Hy gee praktiese voorbeelde van hoe die boikot gesindhede op die dorp verander het.

Dié week het 'n swart sakeman die Stutterheim Kamer van Koophandel toegespreek. Die saal was volgepak met swart- en witmense wat kom luister het, iets wat ses maande gelede nooit sou gebeur het nie.

Hy vertel van die konserwatiewe besigheidsman wat voor die boikot nog 'n skeiding tussen swart en wit in sy winkel gehad het. Nou is dit weg.

"Die dorpsraad se houding het ook verander. Voorheen wou ons aan die ander gemeenskappe voorskryf wat hul nodig het en hoe hulle moet optree. Nou sê hulle vir ons wat die probleme is en wat hulle wil hê, en ons probeer saam 'n oplossing vind.

"Maar dit is 'n tragedie dat 'n boikot, waaronder almal gely het, nodig was om ons te laat begin praat. My raad aan ander dorpe is, begin nou praat, sonder die boikot."

In Kirkwood praat die mense nou ook saam oor hul toekoms, en werk selfs daarvoor om een nie-rassige dorpsraad te vestig, maar burgemeester Johan Erasmus is traag om dit aan die boikot toe te skryf.

Hy sê die boikot was 'n afsonderlike kwessie, en dat daar al begin praat is nadat die swart gemeenskap tydens 'n protesoptog 'n petisie met hul griewe aan die raad en die polisie oorhandig het.

"Dit beteken geweldig baie vir ons om met mekaar te praat. Vir die eerste keer leer ons wat mekaar se behoeftes en probleme is," sê Erasmus.

Cathcart is nog 'n dorp waar die verbruikersboikot 'n suksesvolle einde gehad het.

Die dorpsraad daar het besluit om 'n massavergadering te hou om 'n mandaat van die wit kiesers te kry om politieke besluite "in belang van die hele gemeenskap", soos die oopstel van ontspanningsgeriewe vir alle rasse, te maak.

Die raad het 'n oorweldigende mandaat gekry en daar is toe 'n skakelkomitee, bestaande uit die dorpsraad en die inwonersverenigings van albei Cathcart se townships, gevorm. Dié komitee ontmoet nou gereeld om politieke sowel as ander griewe soos lewenstoestande in die townships te bespreek.

Stadsklerk André van Vuuren sê hy twyfel of die skakelkomitee tot stand sou gekom het en of die mense met mekaar sou begin praat het sonder die druk van die verbruikersboikot.

"Op Cathcart is daar maar 'n klein wit gemeenskap. Hul sou nooit kon voortbestaan met net wit steun nie. Ons het agtergekom dat ons mekaar nodig het en deur te praat 'n verstandhouding bereik. Die mate van onkunde tussen verskillende rasse in Suid Afrika is eintlik tragies," sê Van Vuuren.

Genomineerde DP-parlementslid, Andre de Wet, wat 'n belangrike rol as bemiddelaar in die afgelope boikotte in Oos-Kaapland gespeel het, sê ook dat die boikotte wel 'n positiewe resultaat gehad het.

"Ek hou nie van boikotte nie, maar ek moet erken dat dit wel gewerk het. Koopkrag is groot krag en skielik kom die wit gemeenskap agter dat daar ander mense bestaan wat 'n integrale deel van hul lewens en voortbestaan vorm," sê De Wet.

Hy sê dat dit nie 'n ongeluk is dat die plattelandse dorpe nou die fokus van goed-georganiseerde doeltreffende boikotte is nie.

"Hierdie is dikwels tradisioneel konserwatiewe gemeenskappe, waar die skeiding tussen die verskillende rasse (groot en klein apartheid) nog 'n werklikheid in swart lewens is. Dit is juis dié gemeenskappe wat die gevaar loop om agter te bly in die nuwe Suid Afrika."

De Wet meen egter dat die moontlikheid van 'n positiewe resultaat van 'n boikot in plattelandse gemeenskappe miskien groter is as in die stede.

"Hierdie is klein gemeenskappe, waar wit sake-ondernemings nie sonder swart steun kan voortbestaan nie. Die mense moet eenvoudig leer om mekaar te verstaan om die gemeenskap se voortbestaan te verseker."




'n Verbruikersboikot verlede jaar in Kaapstad

*(Foto: Benny Gool - Afrapix)*

# Só vorder Kirkwood

CHRISTELLE DE JAGER

DIE pragtige plattelandse "lemoenboerdorpie" van Kirkwood in die Sondagsrivier-vallei naby Uitenhage kan dalk die eerste dorp in die land wees met een nie-rassige dorpsraad vir al sy inwoners.

So sê Johan Erasmus, burgemeester van die dorp, met 'n klein bevolking van 1 400 witmense, 1 400 Kleurlinge en 9 000 swartmense.

Erasmus sê sy dorpsraad praat al sedert 26 Februarie met die Kirkwood Youth Congress (KYC) oor die "een dorp, een raad"-kwessie, en het onlangs eenparig besluit dat "ons 'n verteenwoordigende nie-rassige raad vir ons dorp wil hê".

"Ons werk nou aan die praktiese aspekte, in samewerking met die KYC, en as daar nie haakplekke is nie, kan ons binnekort geskiedenis in ons dorpie maak," sê Erasmus.

Die swart stadsraadlede van die Bontrug-township, asook die Kleurlingbestuurskomiteelede het reeds bedank, en Erasmus sê die raad praat nou met die KYC en ander gemeenskapsorganisasies as die "ware" verteenwoordigers van hul gemeenskappe.

"Ek is baie opgewonde. Ons breek hier nuwe grond wat bemoedigend is vir Suid-Afrika. Dit sal sekerlik baie mense, wat ons plattelandse mense as konserwatief beskou, verbaas.

"Maar kyk na die ANC en die regering. Dit is dikwels die platteland wat ons land se grootste leiers oplewer en hier sien ons nou die waarde daarvan om met mekaar te gesels. In Suid Afrika ken ons mekaar meestal glad nie, al bly ons in dieselfde dorp," sê Erasmus.

Afrikaners en hul stryd

ONDERSOEK


*Imali iphela ezandleni*

# 'Ek werk net vir brood'

**AUDREY BROWN het met drie Soweto-inwoners gaan gesels oor hoe hulle siel en liggaam aanmekaar hou**



(Foto: Santu Mofokeng - Afrapix)



(Foto: Anna Zieminski - Afrapix)

**Twee gesigte van Soweto**

**"IMALI iphela ezandleni" - geld raak op voordat dit 'n mens se hand verlaat, sê Vernon Zulu, 'n inwoner van Soweto.**

"Ri berekela borotho" - ek werk net vir brood, niks anders nie. Lisah Kgotha van Chicken Farm langs Soweto glo sy werk net om liggaam en siel bymekaar te hou om weer te gaan werk.

'n Soweto-dokter wil 'n huis in Johannesburg se noordelike voorstede koop omdat hy dit kan bekostig.

Al drie dié mense woon in Soweto, Suid-Afrika se grootste township. Maar die wêrelde waarin hulle woon, verskil hemelsbreed van mekaar.

Volgens 'n jaarlikse studie, SA Township Annual, het 'n swart gesin minstens R1 030 per maand nodig om aan die lewe te bly.

Dié syfers toon 'n styging in lewenskoste van 18 persent vergeleke met verlede jaar, toe die minimum bedrag R809 was. Die rede hiervoor is 'n inflasiekoers van sowat 15 persent. Gesinne het meer geld bestee aan veral kos, maar minder gespaar en uitgegee op klere, vermaak, leesstof en drank.

Dié syfers is van toepassing op 'n gesin van vyf. Dat mense relatief tot hul inkomste meer geld aan kos bestee, is 'n aanduiding dat daar in die algemeen minder geld beskikbaar is vir ander dinge.

Vrye Weekblad het die lewenstandaard van drie huishoudings in Soweto ondersoek om vas te stel of die syfer wat in die Township Annual verskyn, wel 'n ordentlike lewenstandaard verseker.

Die vakbonde het R1 140 per maand as 'n minimum loon bepaal. Dié bedrag is veronderstel om die gehalte van 'n mens se lewe in aanmerking te neem en is gemik om meer as net basiese behoeftes te bevredig.

Maar meer as 90 persent van werkende mense in Soweto verdien minder as R800 per maand, en 83 persent verdien minder as R600 per maand, volgens syfers verstrek deur die Transvaalse Provinsiale Administrasie.

Die ervaring van Vernon Zulu, wat wel meer as die minimum loon verdien, dui aan dat die lewenstandaard bevredigend is, maar van welvaart en behae - om nie van vooruitstrewendheid te praat nie - is daar min.

Zulu en haar man werk albei en woon in Selection Park, een van die beter buurte in Soweto.

Zulu se lewenstandaard behoort, volgens Township Annual, bevredigend te wees aangesien sy en haar gesin minstens R200 meer verdien as wat dié studie voorskryf.

Maar vir Zulu is dit nog moeilik om 'n bevredigende lewenstandaard te handhaaf omdat salarisse nie byhou met die styging in pryse nie. As die kos, vervoer en skuld betaal is, bly daar baie min oor om van die kleiner dinge - wat 'n gevoel van geluksaligheid kan skep - te koop.

Zulu vertel dat sy nooit eers daaraan dink om te gaan fliek, of uit te eet nie - daar is nie geld daarvoor nie.

"Ek verdien omtrent R500 per maand. My man verdien R800. Uit dié geld moet alles gekoop word, maar die meeste van die tyd kan ons net kos, skuiling en 'n paar ander basiese dinge bekostig. Ons het 'n telefoon, my man het 'n versekeringspolis sowel as 'n mediese hulpfonds wat hy elke maand betaal, maar ek kan nie dink wanneer laas ek 'n nuwe rok gekoop het nie. En ons is beter af as baie ander mense. Daar is van my bure wat baie swaar trek in die lewe. Ek weet nie hoe hulle klaarkom nie."

Zulu se gesin bestaan uit vier seuns en 'n dogter, en dan sorg sy ook vir haar vyfjarige kleinkind. In teenstelling met baie families - 20 persent van die 1 800 wat onderhoude gevoer het met SA Township Annual - woon Zulu nie saam met ander familielede nie. Tog is daar verskeie ander probleme wat in die gemeenskap voorkom wat ook op haar gesin van toepassing is.

Ouers soos Zulu moet die las dra van kinders wie se opvoeding erg ondermyn is deur die skoolboikotte van die afgelope twaalf jaar, asook die swak ekonomie van die land wat dit moeilik maak om mense met 'n gebrekkige opleiding werk aan te bied.

Dus bestee Zulu ook van haar inkomste om bykomende opvoeding vir haar kinders te voorsien - haar seuns loop Saterdae klas by die Universiteit van die Witwatersrand.

"Ons kinders neem jare om hul skoolloopbane te voltooi, en daarna kry hulle nie werk nie. Wat kan ons doen? Ek kan nie my dogter, wat 'n ongehude moeder is, uit die huis uit sit nie. Sy kan nie self vir haar kind sorg nie omdat sy die afgelope twee jaar al werk soek. Soms kry sy stukwerk, maar sy is altyd die eerste om afgedank te word as dit sleg gaan. My seun het darem gematrikuleer en is nou 'n onderwyser. Daar gaan dit ook sleg omdat hulle die jaar nog nie betaal is nie. My ander seuns is almal nog op skool, en ek sal soveel as wat ek kan spandeer om vir hulle klasse te betaal. Al kos dit my 'n nuwe rok."

Lisah Kgotha, 'n huiswerker in een van die bruin townships, verdien R250 per maand. Sy het drie jong kinders. Kgotha het eers op Small Farm, 'n plakkerskamp suid van Johannesburg, gewoon, maar het na Chicken Farm verhuis omdat sy die vervoerkoste na haar werkplek in Eldoradopark nie kon bekostig nie. Die Domestic Workers Union stel 'n minimum loon van R450 per maand voor.

"Ek koop net kos met die geld wat ek kry. Die huurgeld vir dié mkhukhu is R24. Ek stap werk toe, en dit is ver hiervandaan. Ek koop elke maand 'n sak mieliemeel, 'n gogo vol parafien, hout en kole in die winter. Klere kry ek waar ek werk. Saans eet ons pap met kool of marog - dié groei in die veld. Soms koop ek 'n stukkie vleis by die spaza-shop, dan eet ons dit met tamatiesous. Gedurende die dag eet my kinders net brood, as daar is. Ek eet by die werk, en soms kry ek van die kos wat by my miesies oorbly. Maar by haar gaan dit ook sleg. Dit lyk my almal kry swaar."

Kgotha se bestedingspatroon volg die Engel-beginsel, waar mense wat baie min geld verdien, verhoudingsgewys meer van hul inkomste aan kos bestee as mense wat meer geld tot hulle beskikking het vir ander uitgawes.

Gevra of sy bewus is van die minimum loon wat Sadwu voorstel, sê Kgotha: "Ja, ek weet daarvan, maar met daardie geld sal ek miskien 'n bietjie meer hê om te eet, maar ek sal nog in 'n plakkerplaas woon. Snuif is die enigste plesier wat ek kan bekostig. Dis my enigste plesier. Die lewe is te duur. My miesies woon in 'n huis met elektrisiteit en baie meubels, maar sy het so baie skuld dat dit my bang maak. Dinge sal nie so maklik regkom hier by ons nie."

'n Soweto-doktor is op soek na 'n huis in die welvarende noordelike voorstede van Johannesburg - een van 'n groeiende groep Soweto-inwoners wat 'n bo-gemiddelde lewenstandaard geniet en die township verlaat.

"Ek kan dit bekostig om in 'n wit gebied te gaan woon. Om die waarheid te sê, ek voel dit is my plig om dié huis (in Soweto) aan iemand anders te laat wat nie 'n huis op 'n ander plek kan bekostig nie.

"Ek woon saam met my vrou en twee kinders, asook my bejaarde ouers. Hulle sal saam met my trek. Van my familielede - twee niggies - sal ook saamkom."

Gevra waarom dié twee saam gaan, vertel die doktor dat hulle vir sy ouers sorg en die huishoudelike take verrig.

"My vrou is 'n beroepsvrou en kan nie na my ouers omsien nie. My niggies kom van 'n tuisland af, en dit is beter dat hulle by my woon en werk pleks van op straat wees."

Sy gesin besit twee motors en 'n gemaklike, smaakvolle huis in Diepkloof Extension, een van die townships wat onlangs gestig is om aan die behoeftes van die meer welgestelde township-inwoners te voldoen. Dié wat selfs meer kan bekostig, is vinnig besig om die wit woonbuurte binne te dring.

"Daar is te veel van 'n klasseverskil tussen my en mense wat net aan die oorkant van die straat woon. Ek wil nie toelaat dat my kinders 'n swak opvoeding by swart skole kry nie. Ons het 'n video-opnemer, 'n CD-speler en baie ander goed wat ander mense in die township nooit sal besit nie. Waar sal iemand van Mzimhlope-hostel dink om 'n skildery te koop?"

Hy bestee weer verhoudingsgewys baie meer van sy geld op vermaak, klere en verbruikersware - soos die Engel-beginsel voorspel.

"Elke mens wil die beste vir homself hê. As 'n mens dit kan bekostig, waarom nie? Wat my pla, is dat daar so min van ons is wat die geleenthede kry."

In die "nuwe Suid-Afrika" sal daar duidelik heelwat inhaalwerk gedoen moet word.


HUMANITAS

**WOODMEAD SCHOOL**

**het 'n betrekking vir 'n**

**SPORTKOÖRDINEERDER**

**wat liggaamlike opvoeding aan seuns sowel as Aardsrykskunde en/of Geskiedenis aan standerds 6 en 7 sal gee. Dienste begin op 1 September 1990**

Woodmead, geleë tussen Johannesburg en Pretoria, is 'n onafhanklike, nie-rassige, progressiewe skool vir seuns en dogters.

Aansoeke en 'n volledige CV moet die skool teen 1 Junie bereik.

***Vir verdere inligting skakel asseblief die sekretaresse by (011) 708-1849 of skryf aan: Die Skoolhoof, Posbus 68068, Bryanston 2021.***



HUMANITAS

**WOODMEAD SCHOOL**

**BEURSE**

DRIE BEURSE WAT VOLLE ONDERRIGFOOIE VIR STANDERD 6 IN 1991 DEK, IS BESKIKBAAR VIR:

1. Wiskunde en Wetenskap
2. Engels en die Geesteswetenskappe
3. Kuns

**Beurseksamens: Saterdag, 9 Junie**

**Nie-beursaansoeke vir alle standers is ook welkom**

**Koshuisgeriewe beskikbaar**

*Aansoekvorm en besonderhede is beskikbaar by die hoof se sekretaresse by (011) 708-1849, of skryf aan: Posbus 68068, Bryanston 2021.*

## *Emigrasie van gegradueerdes neem af*

# Die 'brain drain' is voorlopig verby

PEARLIE JOUBERT

**DIE kommer oor mense wat Suid-Afrika verlaat nadat hul studies voltooi is, is oordrewe. Statistieke wys dat die "pack for Perth"-sindroom grootliks verby is.**

Die verkorte militêre diensplig, die veranderende politieke omstandighede - wat hopelik die ekonomiese situasie sal verbeter - het die belangrikste redes waarom jong gegradueerdes die land verlaat, uit die weg geruim.

Statistieke wys ook dat daar 'n aansienlike afname is in die aantal dokters, ingenieurs en ander professionele mense wat jaarliks die land verlaat.

Dit is egter waar dat daar die afgelope tien jaar 'n "brain drain"-situasie ontstaan het. Dit is ook waar dat daar nog heelwat hoogs-opgeleide mense elders gaan werk soek, en dat die opgeleide mense wat na Suid-Afrika immigreer, gewoonlik nie dieselfde hoë standaard van opleiding gehad het nie.

Navorsing deur die Sakeskool van die Universiteit van Kaapstad het bevind dat politieke omstandighede, en nie die ekonomie nie, die oorwegende rede vir emigrasie is.

Dié navorsing het bevind dat dit "eienaardig" is dat dit die "liberaliste en diegene wat ten gunste van 'n nie-rassige demokrasie" is, wat in die meeste gevalle besluit om te emigreer.

Die Sentrale Statistiekdiens sê dat daar 'n sigbare toename in emigrasie en 'n afname in immigrasie was na gebeure soos Sharpeville (1960), die Soweto-onluste (1976) en die afkondiging van die algehele noodtoestand in 1985.

Die Nasionale Mannekragkommissie het in Junie verlede jaar 'n verslag uitgegee wat meen dat daar teen die jaar 2000 'n tekort van 228 000 professioneel-opgeleide mense, wat reeds universiteitsgrade of diplomas het, sal wees.

Dié verslag, waarvolgens die grootste tekort in die hoër-vlak mannekrag aangedui is, toon dat ingenieurs, rekenaarkundiges en bestuurders die beroepe met die grootste tekorte is.

Die Mannekragkommissie meen dat ekonomiese groei en die tekort in dié gebiede nie aangevul sal kan word indien tekorte net deur blankes aangevul word nie.

Volgens prof Jacques Kriel van Mediese Opleiding aan die Universiteit van die Witwatersrand, is navorsing oor die moontlikheid van "verpligte dienslewering" ná universiteit gedoen en het dit "verbasend groot byval by studente gevind" - hoewel dit nie seker is of die grootste persentasie studente ten gunste van dié soort wetgewing was nie.

Studente, veral mediese studente, het egter gevoel dat so 'n soort wet as plaasvervanger vir militêre diensplig erken moet word. Volgens Kriel was 'n aansienlike aantal wit studente ook ten gunste hiervan. Hy sê die meeste swart studente het egter nie dié voorstel gesteun nie, "omdat hulle meen dit is 'n wit probleem" en hulle nie daardeur "ingeperk wil word nie".

Charles Meth van die Departement Ekonomie aan die Universiteit van Durban meen die "brain-drain" is 'n totale wanopvatting.

"Ja, Suid-Afrika verloor 'n aansienlike getal opgeleide mense, maar daar is net so 'n groot toevloei van dokters, ingenieurs, medici en ander spesialiste in verskillende velde."

Hy het daarop gewys dat daar 'n toenemende getal Oos-Europese dokters jaarliks na Suid-Afrika immigreer "wat nie naastenby so goed soos Suid-Afrikaanse dokters opgelei is nie".

"Dit moet natuurlik verhoed word en mense wat hier opgelei word aan universiteite en ander akademiese instellings, behoort verpligte gemeenskapsdiens te verrig voordat hulle emigreer."

Akademici meen dat verpligte militêre diensplig 'n groot rol speel by die man wat klaar gestudeer het se keuse om na 'n ander land te emigreer. Daar is egter ook diegene wat meen dat professioneel-opgeleide jongmense die land verlaat om in ander lande 'n "quick buck" te gaan maak.

Dit verklaar ook die groot aantal mans, in teenstelling met vroue, wat jaarliks die land verlaat.

Dosente aan veral die Engelse universiteite meen politiek het tot dusver 'n groot rol gespeel in die keuse van jong professionele mense om die land te verlaat. "Mense wil wegkom van apartheid en die verlede," sê prof Peter Vale van die Instituut vir Suider-Afrikaanse Studies aan die Universiteit van die Wes-Kaap.

Kriel verklaar die emigrasie van dokters na die buiteland as 'n "natuurlike" gevolg weens "uitstekende opleiding".

Hy meen dat mediese dokters kan meeding met "van die bestes ter wêreld - Suid-Afrikaans-opgeleide dokters word dus baie goeie poste aangebied en ontvang baie beter salarisse as wat hulle ooit in Suid-Afrika sal kry."

Hy sê ook die streng keuring van mediese studente hier lewer 'n groot bydrae tot die gesogdheid van Suid-Afrikaanse dokters. "Net die slimste studente word aanvaar - dit is dus vanselfsprekend dat hulle as opgeleide dokters elders in die wêreld hoë aansien sal geniet."

Die volgende "chicken run" sal waarskynlik begin wanneer dit duidelik word dat Suid-Afrika 'n swart meerderheidsregering gaan kry...



## Die statistieke

**Statistieke toon 'n duidelike afname in die getal professioneel-opgeleide mense wat emigreer:**

| Emigrasie | 1987 | 1988 | 1989 | Immigrasie 89 |
|---|---|---|---|---|
| Professioneel, semi-professioneel/ tegnies | 1 973 | 1 394 | 533 | 646 |
| Bestuurders - uitvoerend en administratief | 524 | 362 | 217 | 693 |
| Klerklik en verkoopsberoepe | 921 | 693 | 498 | 1 324 |
| Vervoer en kommunikasie | 32 | 23 | 510 | 764 |
| Dienste | 97 | 76 | | |
| Boerdery en verwant | 30 | 14 | 18 | 58 |
| Ambagsmanne/ Vakleerlinge | 547 | 413 | 288 | 829 |
| Produksie/ myn- en steengroef | 110 | 64 | 49 | 196 |
| Ongespesifiseer | 310 | 455 | 188 | 365 |

## *Die grammatika van rassisme*

# Oor Boerkaffers, houtkoppe en peervoëls

Max du Preez

SOOS rassewrywing die laaste tyd plek-plek toegeneem het, is 'n ou Afrikaanse woord ook weer meer dikwels gehoor: kaffer.

Enkele weke gelede het die eerste minister van Namibia, Hage Geingob, sy land se mense gevra om dié skelwoord nou finaal uit hul woordeskat te verwyder.

Verlede Sondag verklaar Hennie Muller, leier van die organisasie Blanke Veiligheid op Welkom, openlik op die voorblad van 'n Sondagkoerant: "We'll starve the kaffirs to death." Die laaste twee weke is min ander woorde op Welkom só gereeld gebruik.

Dieselfde mense wat dié woord daagliks gebruik, staan - soos die Konserwatiewe Party en selfs die AWB - voor in die ry om te ontken dat hulle rassisties is. Hulle glo net rasse moet geskei bly, sê hulle, hulle dink nie hulle is beter nie...Maar die woord "kaffer" gee hulle weg.

Die woord is (was?) 'n belangrike een in die Afrikaanse woordeskat - dit maak die amptelike Woordeboek van die Afrikaanse Taal, gedruk deur die Staatsdrukker, baie duidelik.

In die Vyfde Deel van dié woordeboek wat strek van J tot K is daar twaalf bladsye oor die woord "kaffer". Nie minder nie as 303 woorde wat met "kaffer" begin, word behandel.

En die goue draad wat deur al die woorde loop, is dat "kaffer" gelykstaan aan minderwaardig, sleg en lui.

Die woord word aangegee as die "algemene benaming vir 'n lid van die Bantoeras in SA". Maar dan word bygevoeg dat "weens die ongunstige waarde wat dit veelal het", dit vervang is deur "naturel, of tans by voorkeur, deur Bantoe."

Daar is verskillende soorte kaffers, sê die woordeboek. 'n Wit Kaffer of 'n Boerkaffer is byvoorbeeld 'n "kaffer van goeie inbors".

Maar voor 'n mens begin dink kaffer is 'n skeldwoord, sê die woordeboek dat daar ook ander name is vir dié mense: "Name vir 'n kaffer, dikwels skertsend of skimpend gebesig, is: asem, bitterbek, blinkasem, gifasem, houtkop, houtskouer, Kamsketel, klipkop, klits, korthaar, kroeskop, pikkop, skepsel, stinkasem, swartasem, swarte tater, swartnerf, swartskepsel, vaalasem, Gamsgeslag, swartgoed, swartnasie."

Hoe verder 'n mens gaan, hoe meer kom die politieke houding agter die woorde uit. Een van die gebruike van "kaffer" word aangegee as 'n "onbeskaafde, onopgevoede, ongemanierde, ruwe persoon".

Dit kan ook wees 'n "denkbeeldige persoon met wie kinders bang gemaak word," sê die woordeboek, of 'n "onderhorige, weinig gerekende persoon".

Die woordeboek sê die woord kom van die Arabies "kafir" wat "ongelowige" beteken.

Hier is 'n paar voorbeelde van die lang lys woorde:

"Kafferagtig: soos (van) 'n Kaffer of die Kaffers; soos 'n onbeskaafde Kaffer; onbeskaaf, onwellewend". Of: "Kafferarbeid: werk deur Kaffers verrig; werk geskik vir Kaffers".

En: "Kafferboetie: skimpnaam vir 'n blanke wat blyk gee van 'n voorliefde vir Kaffers, hulle besonder goedgesind is; negrofiel".

Die idee van minderwaardigheid is oral aanwesig, soos in "Kafferbok: 'n bok van minderwaardige gehalte, soos die wat dikwels in die besit van Kaffers aangetref word". En: "Kafferhond: minderwaardige, nie-opregte hond, soos by Kaffers aangetref; kafferbrak". Of: "Kafferlekker: goedkoop lekker van swak gehalte, veral dié wat vir die Kaffers vervaardig word."

Daar is nog heelwat. 'n Kafferhalfkroon is "die skertsende naam vir 'n pennie"; en kaffermaniere is "slegte, onbeskaafde maniere". 'n Kafferplek is 'n "slegte, treurige, onaangename plek".

Plek-plek lyk dit asof daar 'n sweempie seksuele naywer kan wees. 'n Eiervrug staan ook bekend as "kafferbal", terwyl een van die skeldname vir 'n swartman "peervoël" is.

Maar luister hierna: "Kaffervryery: vryery op kaffermanier, waarop die vryer die nooi op speelse wyse afknou, byvoorbeeld haar knyp of met 'n latjie slaan, ens."

Daar kan ook nie veel twyfel wees oor wat agter die volgende sit nie: "kafferlui: versterking van lui, baie lui"; "kafferwerk: werk wat as benede die waardigheid van blankes of ook fatsoenlike of ontwikkelde Kleurlinge beskou word, veral growwe werk, hande-arbeid wat gewoonlik deur ongeskoolde kaffers gedoen word."

Kaffersleg beteken "versterking van sleg, baie sleg, so sleg as wat kan kom". Hier word 'n voorbeeld uit 'n ou uitgawe van Die Burger gebruik: "Onder studente kry 'n mens baie soorte: die goeies, die slegtes en die kafferslegtes."

Neem asseblief ook kennis dat 'n "kafferpapagaai" eintlik 'n boskraai is en dat "kafferdom" twee betekenisse het: dit kan beteken "al die kaffers gesamentlik, die hele Bantoeras", of dit kan beteken "versterking van dom, baie dom".

En hulle sê 'n volk se taal weerspieël sy siel?

Die woordeboek is in 1968 gepubliseer, maar is steeds die geldige, amptelike Woordeboek van die Afrikaanse Taal Deel V.

*(Dié artikel is 'n verwerkte weergawe van 'n artikel wat in die tweede uitgawe van Vrye Weekblad verskyn het.)*

*Welkom by die Plek van Vreugde*

**CHRISTELLE TERREBLANCHE bekyk die gebeure in Welkom en Thabong die afgelope paar weke**

# 'n Verhaal van twee stede

THABONG beteken "Die Plek van Vreugde". Dit is in 1950 so gedoop oor die blydskap toe goud in die Vrystaat ontdek is.

Soos Welkom is daar vandag oënskynlik min wat die betekenis van die naam aan die werklikheid koppel.

Misplaaste name en geografiese eenheid is feitlik al wat die twee stede in die hartjie van die Vrystaatse Goudveld gemeen het.

Minstens veertien mense is die afgelope week in geweldpleging tussen die twee stede dood.

Hoewel Thabong aanvanklik met behulp van Anglo American tot stand gebring is om voldoende dienste vir die nuwe myndorp, Welkom, te verseker, het dit binne drie dekades so fenomenaal gegroei dat dit in 1978 die eerste township in Suid-Afrika geword het om 'n swart Stedelike Raad te kry. Eie munisipale status is in 1983 toegeken.

Van toe af was Welkom en Thabong vir alle praktiese doeleindes, buiten dié van 'n telefoonsentrale, twee afsonderlike stede en het min inwoners van Welkom die interafhanklikheid tussen die twee erken. Volgens die Welkomse stadsraad het die stad 65 000 inwoners saam met dié van die bruin dorp, Bronville. Thabong se inwonertal word op 120 000 geraam, maar verskeie informele opnames het aangetoon dat minstens 180 000 mense elke nag daar slaap.

Welkom dra vandag nog die stempel van 'n kunsmatige stad. Struike groei welig langs breë dubbelweë wat netjiese woonbuurte met rye winkelkomplekse in die middestad verbind. Die inwoners is feitlik deur die bank middelklas met al die sosiale probleme wat in Suid-Afrika daarmee gepaard gaan. Die nywerheidsdeel is effens eenkant en 'n bietjie verder kom jy uiteindelik by 'n gietysterpilaar met die naam Thabong bo-aan.

Van daar af loop die teerpad gou dood en kronkel die grondpaaie tussen die duisende townshiphuise, elk met sy eie versameling plakkerstrukture, deur. Die paaie is in 'n baie swak toestand en weens onvoldoende riolering gewoonlik oorstroom. Die dongas in die pad vul met water wat plek-plek begin damme vorm en vele slote oopspoel.

Thabong lyk nie soos 'n plek van vreugde nie. In die wit stad langsaan, is Thabong-inwoners ook nie juis "Welkom" nie, tensy hulle koop. Dit het die verbruikersverbod bewys wat die blanke sakemanne binne twee weke miljoene rand gekos het.

Die gesamentlike koopkrag van Thabong se inwoners en die sowat 200 000 trekarbeiders wat op die omliggende myne soos Geduld, Unisel, President Brand en Harmonie werk, is beslis eerder in getalle as in geld geleë te oordeel aan 'n onlangse studie.

Prof Elwil Beukes van die Departement Ekonomie aan die Vrystaatse Universiteit het in 1988 bevind dat 75 persent van swartmense in die omgewing en 45 persent van die Kleurlinge onder die broodlyn lewe. Volgens die studie is daar feitlik geen blankes met gebrekkige lewensmiddele nie.

Beukes beskou die probleem van armoede daar as 'n wydverspreide en ernstige probleem.

Dieselfde scenario geld die omliggende Goudvelddorpe: Allanridge, Odendaalsrus, Wesselsbron, Hennenman, Virginia en Ventersburg. Talle mynnedersettings soos Môreskof, Eerstemyn en Tweedemyn maak dié deel van die Vrystaatse platteland nog meer ingewikkeld. Stadsbeplanners in Welkom kyk al na die uiteindelike samesmelting daarvan met die vinnig-groeiende kern.

Volgens die stadsbeplanners het die groei veral ná die afskaffing van instromingsbeheer in 1986 toegeneem. Die Stedelike Stigting sê meer en meer trekarbeiders kry lenings om huise in Thabong te bou sodat hul gesinne uit die tuislande daarheen kan trek.

Die oorwegende indruk wat 'n besoeker aan Thabong kry, is een van vurige aktiwiteit.


Oral word huise gebou. Die twee sportstadions in die township is altyd bedrywig. Die inwoners dink nie die township verskil veel van ander nie.

Maar Welkom se blankes vrees die getalsterkte van hul susterdorp waarvan hulle min weet.


Min van hulle is bereid om oor die "siel" van hul dorp te praat en die meeste glo daar is nie veel wat die inwoners saambind nie.

'n Onlangse township-opname het gemeld dat baie wanopvattings bestaan oor die demografiese en sosio-ekonomiese profiel van die Vrystaat. Want in meer as een opsig is township en wit stad twee verskillende wêrelde.

Dit is slegs op mynwerkersvlak waar werklikhede oorvleuel en dit is hier waar die werklike lont vir die rassespanning in die gebied ontsteek het toe twee blankes verlede week deur 'n groep swart mynwerkers by die President Brand-myn van Anglo American vermoor is.



**Die geweldpleging in Welkom het die stad nie soos 'n skim in die nag oorweldig nie. Lank-gekoesterde rassespanning het oënskynlik weens 'n reeks gebeure sedert die vrylating van die ANC se vise-president, Nelson Mandela, opgevlam.**



## Chronologie van haat en bloed

**FEBRUARIE:** Feesvierings in Thabong oor Mandela se vrylating eindig tragies toe 'n motor buite beheer raak en 'n skare binnejaag. Verskeie mense sterf.

Swart onderwysers oorhandig 'n petisie aan die DET en blanke onderwysers weier om met onderrig in die township voort te gaan.

**MAART:** 'n Tornado rig miljoene rand se skade in Welkom se blanke woonbuurtes aan.

Die AWB stuur gewapende patrollies van stapel om plundering te voorkom. Swartmense in die omgewing word gestop en deursoek.

'n Blanke vrou word deur haar tuinwerker in Welkom vermoor. As gevolg daarvan word 'n nuwe regse organisasie, Blanke Veiligheid, in die stad gestig. Sowat 100 lede probeer op 9 Maart om 'n wettige optog deur die Thabong Teachers Association te stuit. Hulle word in hegtenis geneem en sommige beboet.

Op 20 Maart word 'n verbruikersboikot deur swart gemeenskapsleiers in Thabong en verskeie omliggende dorpe se townships afgekondig om beswaar aan te teken teen die inhegtenisneming van 10 swartmans.

**APRIL:** Die boikot misluk, maar blanke vigilante-aanvalle op swartmense neem toe. Op 30 April word oorlog teen die "swart gevaar" verklaar op 'n AWB-vergadering in Welkom se stadsaal om saam te val met die samesprekings tussen die regering en die ANC. Regsgesinde inwoners onderneem om wet en orde in eie hande te neem as hulle nie groter polisiebeskerming kry nie. Blanke Veiligheid maak soortgelyke verklarings teen die polisie.

**MEI:** Op Werkersdag, 1 Mei, word die planne vir 'n streng verbruikersboikot op 'n ANC-vergadering in Thabong afgekondig as die blanke vigilante-optrede teen swartmense nie binne 'n week beëindig word nie. Inwoners van die bruin woonbuurt, Bronville, skaar hulle by dié in Thabong.

**5 Mei** - Operasie Waghond word in Welkom en Thabong van stapel gestuur om "wet en orde" te verseker.

**7 Mei** - Thabong se gemeenskapsleiers besluit om met die verbruikersboikot voort te gaan omdat hulle geen versekering van die polisie kry dat daar teen regse vigilantes opgetree sal word nie.

**8 Mei** - 'n Spesiale polisie-taakmag word op Welkom ontplooi om "die plofbare toestand te ontlont".

**9 Mei** - Talle sake-ondernemings in Welkom begin hul deure sluit omdat Thabong se inwoners van die rakke wegbly. Sakemanne begin skarrel om 'n vreedsame einde aan die boikot te maak.

**10 Mei** - Adriaan Vlok, minister van Wet en Orde, besoek Welkom en kry ondernemings van BV en die AWB dat hulle patrollies en vigilante-optrede sal staak as die boikot beëndig word.

**11 - 13 Mei** - Klopjagte word deur die polisie op mynwerkershostelle in die Welkom-omgewing en in Thabong uitgevoer en verskeie "onwettige" inwoners uitgegooi.

**16 Mei** - 'n Groep van 30 afgedankte mynwerkers by Anglo American se President Brand-myn se protesoptog word met rubberkoeëls en traanrook deur mynsekuriteit gestuit. Die mynwerkers vermoor een van die sekuriteits-amptenare en 'n verbygaande blanke motoris.

Dieselfde aand besluit die inwoners van Thabong om met die boikot voort te gaan, aangesien blanke vigilante-intimidasie nog nie gestop het nie.

**17 Mei** - Blanke mynwerkers weier om te gaan werk sonder polisiebeskerming. Nog polisie- en weermagversterkings word na Thabong gestuur.

**20 Mei** - Thabong se inwoners besluit op 'n massavergadering om die boikot af te las. Swaar polisie-teenwoordigheid word gehandhaaf terwyl die mense huis toe stroom. ANC-jeugdiges en mynwerkers gooi klippe na die polisie omdat hulle "geïntimideer voel". Die polisie skiet sewe mense dood en wond meer as 40.

**21 Mei** - Jeugdiges in Thabong probeer mense verhoed om werk toe te gaan. Die polisie en weermag seël die township af vir die media en mense wat nie daar woon nie. Nelson Mandela veroordeel die toestand in Welkom ten sterkste en bevraagteken die polisie se optrede.

Woedende inwoners, veral jeugdiges, steek motors en huise van polisiemanne en stadsraadslede aan die brand. 'n Voormalige stadsraadslid, 'n Inkhata-lid, word vermoor en aan die brand gesteek.

Negentien swart mynwerkers verskyn in die hof in verband met die dood van die twee blankes by President Steyn-goudmyn.

Die AWB verklaar "volskaalse oorlog" op die begrafnis van een van die twee vermoorde blankes.

**22 Mei** - 'n Doringdraad-heining word tussen Thabong en die President Steyn-goudmyn opgerig. Die polisie hou die township uit 'n helikopter dop, terwyl verskeie organisasies en politieke strukture vergaderings oor die krisis hou. Die PAC waarsku dat hy gewapende eenhede na Thabong sal stuur om "die ongewapende burgerlike bevolking te beskerm".

Die ANC sê hy meen die geweldpleging in Welkom kan sy samesprekings met die regering ontspoor.

Vlok onderneem in die parlement om teen regsgesinde vigilantes op te tree en die dra van wapens by openbare vergaderings te verbied.

Hennie Muller, leier van BV, daag kort daarna met sy rewolwer op 'n vergadering van die beweging op waar ondersteuners besluit om weer met die patrollering van strate te begin.

**23 Mei** - Voor sonsopkoms stuur meer as 1 000 polisiemanne die grootste klopjag nog in die Vrystaat in Thabong van stapel. Meer as 4 000 huise word deursoek as deel van 'n "misdaad voorkomings-veldtog" en 37 mense word in hegtenis geneem.

Nog drie mense sterf, vermoedelik weens wonde wat in polisieoptrede opgedoen is. Volgens dokters en hospitale is meer as 100 mense ernstig gewond in die optrede sedert Sondag.

Die verbruikersboikot word ten volle afgelas in 'n poging om die geweldpleging te beëindig.

## Twee weergawes

"ONS is heeltemal tevrede dat die swartmense nou heeltemal gemaklik (totally comfortable) is met ons," het die polisie se afdelingskommissaris, Hennie Heymans, aan die Franse nuusagentskap AFP gesê ná die klopjag in Thabong deur 'n duisend polisiemanne.

Mary Motaung, 'n gemeenskapswerker van Thabong, se kommentaar aan AFP was weer: "Verre daarvandaan om ons veiliger te laat voel, het die polisie eenvoudig net gewys hulle is aan die wittes se kant.

Hoekom het hulle nie blankes se huise vir wapens deurgesoek nie? Dis die vigilantes se wapens wat al die moeilikheid begin het."



## Dán gaan ons ondergronds, sê Boerestaat van Tonder

**Die Boervolk is op pad ondergronds. So sê Robert van Tonder, leier van die Boerestaatparty.**

**Hy het Woensdagaand op Marble Hall gereageer op Adriaan Vlok, minister van Wet en Orde, se voorneme om teen regse vigilante-groepe op te tree.**

**"Dit sal mnr Vlok niks baat om die Boerevolk te dreig met stappe van verbod teen wapens, kommando's, veiligheids-organisasies en burgerwagte nie", het hy gesê. "Die Boerevolk staan voor verswelging en dis alles stappe en instrumente om sy oorlewing te verseker".**

**Volgens hom sal die Boerevolk ondergronds gaan as die dra van wapens en kommando's verbied word.**

**Hy het 'n beroep gedoen op die herstel van die vryheid van die Boerevolk op sy wettige erfgronde, die voormalige Boere Republieke.**

**"Ons is te lank in die land om vir so iets te skrik," het die AWB by navraag oor die moontlike verbod gesê. Volgens hoofsekretaris Kays Smit sal stappe eers oorweeg word nadat so 'n verbod afgekondig is.**


Vrye Weekblad, 25 Mei 1990

# Wêreld:

## Grens-ooreenkoms

Namibia en Angola onderteken 'n ooreenkoms rakende veiligheid in die grensstrook tussen die twee lande. Die Angolese minister van verdediging, luit-genl Pedro Maria Tonya Pedale, beklemtoon die ooreenkoms beteken nie dat hulle nou hul kragte gaan saamsnoer teen Unita nie. Die twee lande onderteken ook 'n verklaring dat Suid-Afrika weens sy beleid van rassediskriminasie steeds 'n potensiële bedreiging inhou vir albei lande. Hulle verwelkom egter die stappe wat gedoen word vir die beëindiging van apartheid.

## Studente vermoor

Meer as 50 universiteitstudente van Zaïre word deur die presidensiële troepe van pres Mobutu Sese Seko op Lubumbashi doodgemaak. Die Belgiese koerant Le Soir sê die studente is vermoor tydens 'n veldtog vir demokratiese hervorming.

## Generaals tereggestel

Twaalf generaals word in Ethiopië tereggestel vir hulle aandeel in die mislukte staatsgreep in die land in Mei verlede jaar. Onder die tereggesteldes tel die hoof van die polisie en van die weermag tydens die staatsgreep, Hailu Gebre Mikael en Worku Zawdie.


## Nood in Ethiopië

Dele van Ethiopië staar wydverspreide hongersnood in die gesig ná 'n totale misoes die afgelope seisoen. Die Ethiopiese rebellebeweging EPLF sê die naderende reënseisoen en probleme met die verskeping van hulpvoorraad weens gevegte, vererger die toestand.

## Nuwe Republiek

Noord- en Suid-Jemen kondig amptelik hul eenwording aan en staan voortaan bekend as die Republiek van Jemen. Dit bring eenheid tussen die twee lande tot stand wat voorheen deur twee verskillende ideologieë geregeer is. Noord-Jemen het Islam as amptelike godsdiens gehad en Suid-Jemen was 'n Marxistiese staat.


Dov Fedler in The Star, 22 Mei 1990




"I had to do it, Helmut, it just wouldn't hold water."

## Nuwe soort koerant

Die Amerikaanse kommunikasie-groep, Hearst Corporation, en die Sowjet-staatskoerant, Izvestia, besluit om te kyk na die uitvoerbaarheid van die gesamentlike publikasie van 'n ongesensorde weekblad in albei lande, elk in sy eie taal. Die proeflopie sal op 4 Julie verskyn.




Dov Fedler in Sunday Star, 20 Mei 1990

## Ruimtevaarders kom terug

Die twee Sowjet-ruimtevaarders aan boord van die MIR-ruimtestasie sal op 29 Julie terugkeer aarde toe. Dié aankondiging volg op Westerse berigte dat die ruimtevaarders in hul wentelbaan gestrand is en nie na die aarde toe kan terugkeer nie.

## Castro gewaarsku

Pres George Bush van Amerika waarsku pres Fidel Castro van Kuba dat hy wel die droom van demokrasie kan uitstel, maar dat hy dit nooit sal kan keer as dit in sy land posvat nie.

## Protes nie geduld

Die Israeliese premier, Yitzhak Shamir, waarsku Arabiese Israeli's dat sy regering nie langer die protes teen die moord op agt Palestyne sal duld nie. Pres George Bush van Amerika vra Israel om hom so ver as moontlik te beteuel in die geweld wat losgebars het na die skietvoorval.

## Duisende dood

Meer as vyftigduisend mense is in 1989 dood in 32 situasies van gewapende konflik in die wêreld. Die Stokholm-Instituut vir Navorsing oor Vrede sê in sy jaarverslag die aantal konflikte was drie minder as die 35 van 1988.

## Indië uitgeskop

Die regering van Fidji beveel die Indiese ambassade in Suva om binne 24 uur te sluit. Diplomate en ander amptenare van Indië wat by die ambassade werk, het twee weke om Fidji te verlaat. Dié besluit volg op die aankondiging van Indië dat sy voornemens is om druk op Fidji te plaas om 'n meer demokratiese grondwet te aanvaar.

## Immigrantekwessie

Die Franse primier, Michel Rocard, verseker die konserwatiewe opposisie daarvan dat immigrante nie toegelaat sal word om in plaaslike verkiesings te stem nie. Rocard is op soek na nasionale konsensus om Frankryk se immigranteprobleem aan te spreek.

## Unita moet antwoord

Die regering van Angola wag op 'n antwoord van Unita oor hoe om die burgeroorlog in die land te beëindig. Die minister van verdediging, luitgenl Pedro Maria Tonya Pedale, sê die oorlog in die land móét beëindig word.

# Suid-Afrika:

## Geen probleme

Geen probleme word voorsien met die aanvaarding, deur albei partye, van die werksdokument wat voorberei is deur die gesamentlike werkskomitee van die regering en die ANC nie. Die Intelligensiehoof van die ANC, Jacob Zuma, sê die dokument verteenwoordig die beginsels en houdings van albei partye tydens die Groote Schuur-beraad.

## Oopstelling ondersoek

Johannesburg se stadsraad stel 'n komitee aan wat ondersoek sal instel na die verwydering van apartheid in die woongebied. Ses senior raadslede sit op die komitee wat die volle integrasie van Johannesburg se woonbuurte ten doel het.

## Toestand versleg

Die toestand van sewe aangehoudendes wat in die Grootvlei-tronk in Bloemfontein op 'n hongerstaking is, gaan vinnig agteruit. Satish Roopa, 'n regsverteenwoordiger van een van die stakers, sê die aangehoudendes is sedert hul inhegtenisname op Potchefstroom op sewe Mei op 'n hongerstaking.

## Konstabel word beskerm

Die Goldstone-kommissie van ondersoek na die omstandighede rondom die skietvoorvalle in Lekoa op 26 Maart, plaas 'n munisipale konstabel onder beskerming nadat die konstabel teen 'n wit kollega getuig het. "Dit sal verkeerd wees as daar weens jou getuienis teen jou opgetree word," het regter Goldstone beslis.

## Almal het geweet

Al die lede van die Johannesburgse stadsraad wat in 1983 op die raad gesit het, moes bewus gewees het van hoe die veiligheidsafdeling van die stadsraad te werk sou gaan. Frik Barnard, meesterbrein van die spioenasienetwerk, sê in getuienis voor die Hiemstra-kommissie raadslede was ook bewus van skakeling met Nasionale Intelligensie en veiligheidstakke.

## Reg as Suid-Afrikaner

"Daar is niks wat Suid-Afrikaners van mekaar af weghou nie, net hulself. Die senior grondwetlike kenner van die ANC, Albie Sachs, sê tydens 'n vergadering by die Universiteit van Pretoria die reg van mense om dieselfde te wees, is die kern van die anti-apartheidstryd.

## KwaZulu nooi ANC

Hoofminister Mangosuthu Buthelezi van KwaZulu en president van Inkatha, hernieu sy uitnodiging tot samesprekings aan Nelson Mandela, vise-president van die ANC. Die nuwe uitnodiging volg op beskuldigings deur Cosatu en die UDF dat die leierskap van KwaZulu onwillig blyk te wees om te praat oor vrede in Natal.

## Eerste vryheidskoot

Konserwatiewe Afrikaners vuur môre hul eerste skote in die "derde vryheidstryd" tydens 'n volksvergadering by die Voortrekker-monument buite Pretoria. Dr Andries Treurnicht sal die vergadering toespreek en volgens die organiseerders sal dit die begin wees van Afrikanerweerstrand teen swart oorheersing.

## Tafel te klein?

Desmond Lockey, lid van die parlement vir die Noord-Kaap, sê die regering wil alle probleme na die onderhandelingstafel neem, maar sal eersdaags uitvind dat die tafel gans te klein gaan wees vir al die probleme wat daarop uitgelê moet word.

## Bewaarders hervat diens

Bewaarders van die Gevangenisdiens wat landwyd gestaak het teen diskriminasie en ongelykheid, meld na tien weke weer aan vir diens.

## Ongelukkie

Die minister van Buitelandse Sake, Pik Botha, word lig beseer in 'n motorongeluk in Zurich. Veiligheidspolisiemanne wat pres FW de Klerk op sy Europese toer vergesel, het van agter in die voertuig waarin Botha saam met De Klerk gereis het, vasgejaag.

## Onderhandeling bedreig

"Die ANC sal nie toelaat dat die polisie voortgaan om mense af te maai terwyl onderhandelinge oor vrede in die lug is nie." Dit was die woorde van Nelson Mandela, vise-president van die ANC, by sy tuiskoms na 'n besoek aan Afrika-lande.

## Oues in protes

Sowat 400 pensioenarisse neem in Kaapstad deel aan 'n protesoptog teen ongelykheid en rasse-diskriminasie in pensioene en behuising. Pensioenarisse kla dat hul wit en Kleurlingeweknieë reeds 'n R25 verhoging gekry het, terwyl swart pensioenarisse tot Julie vir húlle verhoging moet wag.

## Goud val

'n Ingrypende daling van sowat 14 dollar in die goudprys tot $360,50 slaan markte stom. Goudaandele op die Johannesburgse Effektebeurs kry 'n gevoelige knou.

*** Alle inligting verskaf deur AFP, Beeld en Sapa**

## Malan is geen verraaier nie

# 'Traitor's Heart' verpligte leesstof

**MY TRAITOR'S HEART**
*Deur Rian Malan*
*The Bodley Head: R49,95*

**HANS PIENAAR**


BUITELANDERS, veral Amerikaners, hou van die waarheid. Trouens, hulle sal berge versit en riviere verskuif daarvoor, reise oor tienduisende kilometers aflê om dit te ontdek in tonele van Boeddhiste in Kambodja wat sit en TV kyk, of in 'n Westerling in Saigon wat gaan stap terwyl die Viëtkong-tenks die verlate strate binneval, of in Chinese soldate wat karate-skop na TV-kameras op Tianenmen-plein.

En wanneer die "waarheid" verras, persepsies ondermyn of selfs omkeer, nie net van buitelandse regerings nie, maar hul bloedeie oortuigings, sal hulle duisende, duisende dollars daarvoor betaal.

So het ons dan Rian Malan, tipiese Amerikaanse politieke toeris, met die belangrike verskil dat hy grootgeword het in die land waarheen sy rustelose skrede hom wend. Met 'n *carte blanche* van 'n uitgewer in sy sak om al die stories wat hy nooit kon klaarmaak as misdaadverslaggewer nie, te gaan opvolg in ander stories.

Dis dus 'n boek van moorde, en elke verslag is onder meer 'n boeiende demonstrasie van hoe ondoeltreffend die pers sy taak - om te vertel wat werklik gebeur het - nakom.

Daar is byvoorbeeld die verhaal van Augey de Koker, wie se hande gedurig jeuk om iets of iemand by te kom, en wie se bloedlus uiteindelik bevredig raak wanneer hy 'n swartman wat 'n swartmeisie geslaan het, doodmaak. Die koerante het die storie gedra, ja, maar vir die eerste keer lees 'n mens van



Rian Malan

die omstanders wat op en af spring van plesier wanneer De Koker op die man se lyf spring...

Alle soorte moorde word gedek, en almal het die gemene deler dat hulle werklik lig werp op die Suid-Afrikaanse politiek, die naakte gevoelens wat dit aandryf. In treffende besonderhede vertel en met 'n bewonderenswaardige klaarheid, wys Malan met die verhale dat moord by uitstek die politieke barometer van Suid-Afrika is.

As sodanig is dit inderdaad 'n oopvlekking van die "conventional wisdom" in ons diskoers en denke - en die sentrale illusie, veral onder die aanhangers van FW de Klerk, dat ons die land kan regmaak deur eenvoudig politieke ideale af te kondig as die "Nuwe Suid-Afrika".

"My Traitor's Heart" is daarom verpligte leesstof vir almal, na "links" en na "regs" - omdat dit wys dat konkrete stappe, konkreet genoeg om die krag van die wet agter hulle te hê, nodig is om die rassehaat in hierdie land hok te slaan, voor ons kan praat van verandering.

Malan self, lyk dit my, raak die pad in hierdie opsig byster. Want hy dryf homself tot 'n pessimisme wat baie verleidelik, maar uiteindelik net 'n oorgawe aan 'n fatalisme is - almal is reg en almal is verkeerd, wat niemand gaan help om die land uit die gemors te kry nie.

Malan se probleem is die een voorsprong wat hy vir homself bewerk het bo ander politieke toeriste - dat hy die kwintessensieel Amerikaanse retoriese raamwerk vir sy projek kon inspan: die Groot Bieg. En vir sy biegverhaal het hy nog boonop die uiterste van misdade gekies: verraad.

Die boek loop skeef omdat hy so graag 'n verraaier wil wees, terwyl hy dit nie is nie en ook nie kan wees nie. Hy verraai kamtig sy Afrikanerskap, maar 'n Engelssprekende produk van die private skool Woodmead is nou eenmaal nie 'n Afrikaner nie.

Asof hy die skrapsheid hiervan besef, verbeel die skrywer hom hy pleeg boonop verraad teen die liberale kwasi-Marxistiese idees van sy jeug. Hy vertel naamlik dat hy geglo het apartheid is verantwoordelik vir al die lyding in die townships, tot hy die moorde van Warara's (UDF-comrades) op die Zim-zim's (Azapo-comrades) begin ondersoek het.

Hierdie "verraad" lyk maar bra dun, nie soseer omdat die Marxiste reg is of was nie, maar omdat apartheid vanuit enige perspektief wel verantwoordelik is vir die hel van anargie in die townships. Die siniese ontneming van die reg van elke mens op orde en die beslegting van geskille sonder geweld, d.w.s. die handhawing van 'n toestand van chaos onder swartmense, is die sentrale boosheid van apartheid.

Wanneer mense in tronke toegesluit word, begin hulle mekaar keelafsny - dis amper 'n wet van homo sapiens. Swartmense is die afgelope eeu in lokasies ingehok sonder hul eie polisiemanne, eie magistrate. Deur die jare het die regering kort-kort gespog met die bitterklein aantal polisiemanne per kop - een van die mees misverstane stukkies statistiek in ons geskiedenis.

Sedert die 1880's het die blankes die stelsel van beheer oor swartmense met behulp van kollaborateurs vervolmaak. Die vrees onder swartmense vir verraad in eie geledere het dus die krag van 'n honderd jaar van anargie. Hoe kan dit anders as om tot uiting te kom in al die vorme van wat so gerieflik as swart-op-swart-geweld beskryf word?

Malan se eie beskrywing van die moord op Neil Alcock, wat probeer het om die verwilderde mense van Msinga op te hef, en die hoogste prys moes betaal in 'n faksiegeveg, is die hoogtepunt van die boek. Hy laat die plek spreekwoordelik leef voor jou oë.


Maar hy kyk ook die sentrale waarheid van plekke soos Msinga mis, of gee dit nie naastenby die gewig wat dit moet hê nie: dat hulle die gevolge is van wette soos die Naturellegrondgebiedewet van 1913. Dis wanneer 'n mens vanuit hierdie geskiedkundige perspektief na Natal kyk, dat jy die moontlikheid vermoed dat die huidige stryd soos mis voor die son sal verdwyn as 'n swart meerderheidsregering aan bewind kom wat grond beskikbaar stel aan almal, en nie net aan blankes nie.

Malan se loopneus-narcissisme gaan natuurlik goed af in die ekkultuur van Amerika: die lofprysinge van resensente soos John le Carré en Michael Herr oor sy "moed" en integriteit word dan ook prominent op die flapteks afgedruk.

Die teenoorgestelde hiervan is massa-aksie. En of 'n mens nou daarvan hou of nie, dit het reeds en gaan nog die aangesig van Suid-Afrika verander - en enige verandering sal beter wees as die huidige struikelinge tussen die bouvalle van apartheid.

*Hans Pienaar is 'n vryskutjoernalis en die medeskrywer van "Die Trojaanse perd".*

**Onder redaksie van KOOS PRINSLOO**





# This month's bestseller list from Exclusive Books.

## Fiction.

1. **The Negotiator/Frederick Forsyth** (Corgi R20,99) An unusual and compelling new hero created by this master of international suspense and intrigue.
2. **Daddy/Loup Durand** (Century Hutchinson R21,10) A thriller concerning a sinister Nazi hunt for an eleven year old with a dangerous secret.
3. **The Bad Place/Dean R Koontz** (Headline R49,99) Vintage Koontz in a suspense thriller for fans of horror — and Mr Koontz.
4. **The Cross Killer/Marcel Montecino** (Grafton R19,99) An astonishing first novel. A violent yet compelling crime thriller.
5. **Love in the Time of Cholera/Gabriel Garcia Marquez** (Penguin R25,99) Caribbean love story — powerful, poetic and comic.
6. **Sure of You/Armistead Maupin** (Chatto & Windus R49,95) Wry, piquant and subversive comedy. 6th and final novel in famous "Tales of the City" sequence.
7. **Master Class/Morris West** (Arrow R19,99) A great storyteller's newest paperback set in the world of art dealing and the corrupt twists spun around things of beauty.
8. **Eva Luna/Isabel Allende** (Penguin R26,99) Author of House of the Spirits spins an intricate tale of fact, fiction and glorious exaggeration.
9. **Vineland/Thomas Pynchon** (Secker & Warburg R55,99) Grand old hippie's dazzling return to print. Off-beat expose of latter day America.
10. **California Gold/John Jakes** (Collins R55,99) Epic weaving of history and fiction by author of North and South.

## Non-Fiction.

1. **Making Money Made Simple/Noel Whittaker & Magnus Heystek** (Struik Timmins R30,45) Local adaptation of Australian megaseller.
2. **The Struggle: A History of the ANC/Heidi Holland** (Grafton R25,49) Popular History, based largely on interviews with ANC officials.
3. **Mandela: Higher than Hope/Fatima Meer** (Madiba R38,99) Revised and extended biography by a close friend of many years standing.
4. **White Tribe Dreaming/Marq de Villiers** (Penguin R27,49) The de Villiers clan in South Africa — their roots, complicity and contribution. Winner of 1989 Alan Paton Prize.
5. **No Easy Walk to Freedom/Nelson Mandela** (Heinemann R15,45) Forewords by Walter Sisulu and Ruth First. Collection of speeches and letters from "underground".
6. **Soweto: Portrait of a City/P Magubane & D Bristow** (Struik R70,95) Striking photographic essay of poignant force.
7. **Let's Go: Europe '90** (Pan Books R60,00) Revised and updated "Bible for the budget traveller".
8. **Leierstryd/Alf Ries & Ebbe Domisse** (Tafelberg R37,99) The "groot krokodil" and his last days in the Nat. caucus.
9. **Resistance Art in South Africa/Sue Williamson** (David Philip R50,45) Comprehensive survey of culture, sculpture, art and ceramics of the resistance.
10. **The Lore of Cycling/Tim Noakes** (O.U.P. R49,95) Equipment, technique, fitness, racing — all you need on pedal power.

(All prices subject to change)

HUNT LASCARIS TBWA 004209

## *Waansin of vergestalting van haat?*

# Massamoordenaar 'n held in Israel

JEAN-LUC PORTE

**RISHON LE ZION, Israel - Vir die regering van Israel en vir sy familie, was Ami Poper 'n oomblik sy sinne kwyt toe hy agt Palestynse werkers in dié voorstad van Tel Aviv doodgeskiet het.**

Maar vir die Arabiere wat in Israel en die besette gebiede woon, is dié daad van die 21-jarige voormalige soldaat die vergestalting van die groeiende haat van die Israeliese gemeenskap jeens Arabiere.

Die moord op die agt Palestynse werkers verlede Sondag het aanleiding gegee tot van die ergste geweld in die Gaza-strook en op die Wesoewer, sowel as in die Arabiese gebiede van Israel, sedert die begin van die anti-Israeliese opstand in 1987.

"Ami kon nie verdra dat iemand in sy teenwoordigheid van Arabiere praat nie," sê 'n 19-jarige meisie wat hom ken. Die meisie, wat nie haar naam wou noem nie, sê volgens Ami was hy op dertienjarige ouderdom deur 'n Arabier verkrag.

Baie van die inwoners van Rishon Le Zion beskou Ami as 'n held.


"Sababa," is die kommentaar van 'n seuntjie. ("Sababa" is die Hebreeuse woord vir "super".)

"Ek sou dieselfde gedoen het as ek net die moed gehad het," sê 'n huisvrou.

Geweld teen die Palestyne is "die enigste manier om hulle so ver te kry om uit die land uit te ..," sê 'n jong man. "Uiteindelik, dit was hoogtyd dat iemand iets begin doen," sê hy.

Die regering en die Poper-gesin sê Ami het beheer oor homself verloor. Die Israelse minister van buitelandse sake, Moshe Arens, sê: "Ami se daad was 'n tragiese ongeluk, veroorsaak deur 'n waansinnige, wat in enige ander land kon plaasvind."

Ami se suster, wat ook nie haar naam wou noem nie, het op televisie haar meegevoel met die families van die vermoorde Palestyne uitgespreek en gesê: "My broer was nog nooit met enige politieke organisasie verbind nie."



'n Israeli-soldaat vuur geweergranate na 'n groep oproeriges in Jerusalem

(Foto: AP)



'n Arabiese vrou in die Gaza-strook beledig Israeliese grenspolisie nadat haar seun in hegtenis geneem is omdat hy klippe gegooi het

(Foto: AP)

Volgens vriende het Ami, wat maar korterig is en die gesig van 'n kind het, gedreig om selfmoord te pleeg as gevolg van probleme met sy vriendin, 'n 19-jarige soldaat, Haguit Mizrahi.

Die meisie kon dit regkry om Ami te oortuig om nie sy eie lewe te neem nie, maar het hom verlede Saterdag verlaat.

Die volgende dag het Ami sy broer se M-16 outomatiese geweer en uniform gesteel. Hy het Palestynse werkers gedwing om in 'n ry te staan vir 'n identiteits-uitkenning en het op hulle losgebrand. Agt is doodgeskiet en tien gewond.

Ami het voorheen tekens van onstabiliteit getoon, veral tydens sy diensplig. Hy is in Maart 1988 ontslaan weens dissiplinêre maatreëls nadat hy verskeie maande in die tronk moes deurbring weens ongemagtigde afwesigheid.

Ami het sedertdien tydelike werkies gedoen as assistent vir sy pa, wat 'n timmerman is, of as handwerker of groente-afleweringsman.

"Hy bestuur soos 'n maniak, en hy kan kinders doodry," sê die Popers se bure. "Hy is in staat tot enigiets," sê hulle.

Toe Ami in die hof verskyn, was hy heeltemal op sy gemak en het hy grappies met die fotograwe gemaak. "Ek sou 'n fortuin gemaak het as ek foto's van myself laat neem het voor ek by die huis weg is," het hy gesê.

Hoewel Israeli's en Arabiere van alle politieke oortuiginge dié voorval by Rishon Le Zion veroordeel, word daar sedertdien sterk debat gevoer oor of Ami bloot sy sinne kwyt was en of hy tot die daad gedryf is deur die groeiende onverdraagsaamheid in Israel.

Die linkse lid van die parlement, Yossi Sarid, sê ver-regse groepe wat aandring op die uitsetting van alle Palestyne, "moet nie verbaas wees wanneer van hulle fanatiese ondersteuners sake in hul eie hande neem nie".

'n Arabiese lid van die Israeliese plaaslike raad, Ayoub Mograbi, was net so skerp met sy kritiek: "As alle Israeli-moordenaars mal is, soos wat beweer word, stel ek voor dat Amerika maar moet ophou om geld na Israel te stuur en eerder sielkundiges te verskaf." - AFP

# Aborsie: duisende vroue sterf jaarliks

NICOLE MARTICHE

GENÈVE - Ten minste 125 000 vroue sterf jaarliks as gevolg van aborsies wat in die geheim gedoen word. Baie van dié aborsies vind plaas in lande waar aborsie wel wettig is. Dít blyk uit syfers van die Wêreldgesondheidsorganisasie.

Marc Belsey, 'n Amerikaanse dokter wat in beheer is van die Wêreldgesondheidsorganisasie se Moeder en Kind-program, sê die grootste aantal aborsies wat skelm gedoen word, vind in die Sowjet-Unie plaas.

Hy sê wanneer 'n mens in ag neem hoeveel mediese kennis daar bestaan, kan tot 95 persent van die vroue wat in agterstraat-aborsies sterf, se lewens gered word.

In Indië, waar swangerskap wettig beëindig mag word, word sowat 500 000 amptelike aborsies jaarliks gedoen. Daar is egter nog steeds agterstraat-aborsies, wat in baie onhigiëniese toestande gedoen word, omdat van die vroue nie wil hê dat dit bekend word dat hulle aborsies gehad het nie.

'n Studie wat 'n paar jaar gelede deur die Wêreldgesondheidsorganisasie gedoen is, toe aborsie nog onwettig was in Indië, het in daardie stadium die syfer van onwettige aborsie op tot vier miljoen per jaar gereken.

In Afrika is aborsie slegs in twee lande wettig: Tunisië en Zambië. In Zambië is dit, hoewel wettig, moeilik om 'n aborsie te kry omdat dié land die Britse beginsel volg dat twee dokters se toestemming eers verkry moet word voordat 'n aborsie gedoen mag word.

Dr Michel Jancloes, hoof van die Wêreldgesondheidsorganisasie se afdeling vir hulp aan onderontwikkelde lande, sê toe hy by 'n hospitaal in Dakar se Pikine-woonbuurt gewerk het, het minstens een meisie van tussen 16 en 20 elke oggend by die hospitaal opgedaag en gevra dat 'n aborsie op haar gedoen moet word.

Jancloes sê daar was egter nooit enige diens beskikbaar om aan haar versoek te voldoen nie.

Hy sê tydens sy dienstydperk in Senegal, kon hy aan vroue wat desperaat was, die adresse van dokters, verpleegsters en vroedvroue gee wat wel aborsies onder taamlik higiëniese toestande kon doen.

Volgens Jancloes "veroorsaak dit egter 'n delikate morele probleem omdat die koste verbonde aan so 'n operasie sowat 200 dollar beloop - drie keer die gemiddelde maandelikse salaris van 'n arbeider".

In die Ivoorkus verskyn daar daagliks in koerante doodskennisgewings van meisies wat "onder geheimsinnige toestande" dood is - volgens Jancloes en dr Belsey, die slagoffers van agterstraat-aborsies.

Belsey haal 'n verslag aan, wat reeds nege jaar gelede gedoen is, dat "in Bangladesjh, is geheime aborsies verantwoordelik vir die dood van tot 25 persent van sterftes by swanger vroue". Soortgelyke syfers word vir die Filippyne en Venezuela aangehaal. Dit blyk egter of daar wel sedertdien 'n verbetering in toestande was. Nog 'n land wat deur die Wêreldgesondheidsorganisasie bestudeer is, is Turkye. Sewentig persent van die vroue wat in dié land ondervra is, het bevestig dat hulle reeds 'n aborsie gehad het. Dieselfde syfer is in Maleisië aangeteken, met 15 tot 20 aborsies vir elke 100 swangerskappe.

Turkye het sowat drie jaar gelede aborsie gewettig in 'n poging om die lewens van vroue te red, "omdat die sterftesyfer vir vroue en meisies van vrugbare ouderdom ontstellend hoog is", sê Belsey.

In Nigerië vind die Wêreldgesondheidsorganisasie dit moeilik om gevalle van geheime aborsie op te volg omdat die meisies, wat meestal tussen die ouderdom van 18 tot 20 is, vals adresse verskaf.

Buiten die Sowjet-Unie, is die lande waar die hoogste syfers van geheime aborsie aangeteken word, Indonesië, Pakistan, Bangladesjh en die Filippyne.

Volgens Belsey moet die Wêreldgesondheidsorganisasie hom nou toespits op die opvoeding van mans in verantwoordelike geboortebeperking, soos byvoorbeeld die gebruik van kondome, eerder as die opvoeding van vroue wat reeds weet watter probleme hulle in die gesig staar.

"Die eintlike probleem," sê Belsey, "is dat daar in baie gemeenskappe deur beide mans en vroue nog geglo word dat aborsie maar net een van die metodes van geboortebeperking is." - AFP

WITS

faculty information functions for scholars

Enquiries: Schools Liaison Office 716 3597

Booking at Computicket from 16 April — no charge

| | | |
|---|---|---|
| Wed May 16 SH6 | ARTS — General BA and BA (Education) degrees | 19:30 |
| Thurs May 17 SH6 | ARTS — Drama, Fine Arts, Social Work, Speech and Hearing Therapy, B Mus and Licentiate | 19:30 |
| Sat May 19 Senate House Concourse | ALL FACULTY INFORMATION MORNING No tickets required | 09:30 |
| Mon May 21 Medical School Parktown | MEDICINE — MBBCh, BSc(OT), BSc(Physiotherapy), BPharm, BNurs | 19:30 |
| Wed June 6 Chamber of Mines Bldg | ENGINEERING | 19:30 |
| Thurs June 7 New Commerce Bldg | COMMERCE — BCom, BEconSc | 19:30 |
| Thurs June 14 SH6 | SCIENCE | 19:30 |
| Wed June 20 SH6 | LAW | 19:30 |
| Thurs June 21 John Moffat Building | ARCHITECTURE — BSc(QS), BSc(TRP), BSc(Building), BAS | 19:30 |

## De Vries en die ANC

# Van Matie-rektor tot kameraad

**In die gees van die Afrikaanse versetliedjie: Ons ry met die wa, die UDF se wa, was dit duidelik dat Mike De Vries, die rektor van die Universiteit van Stellenbosch, 'n reusesprong gemaak het. In die proses is hy nie alleen oor al wat Rubicon is nie, maar sommer ook heel bo-op die ANC-wa. Amper dwarsoor. HENNIE SERFONTEIN verduidelik**

"LAMSAK ou maat, gee my jou hand. Ons is saam burgers van papbroekland."

Met die befaamde woorde van Langenhoven wou ek enige weke gelede 'n artikel begin oor die rol van prof Mike De Vries, rektor van die Universiteit van Stellenbosch.

Maar voordat dit gereed was, vind die besoek van ANC-leier Thabo Mbeki aan die Maties plaas.

My eerste reaksie was: dié gevleuelde woorde was nie meer toepaslik nie.

Want Mbeki spreek nie alleen die studente toe nie, hy besoek eers vir prof De Vries as hoflikheidsgebaar.

Laasgenoemde was so oorstelp oor die eer wat hom te beurt val, dat hy terstond die vergadering van Mbeki in 'n gepakte saal bywoon. En daar sit hy toe in die voorste gestoelte, langs die ander ANC-besoekers wat verskeie voormalige "terroriste" insluit. Sy eerste bywoning van 'n radikale nie-rassige vergadering.

Daar sit De Vries, min gepla met die baniere van die ANC en SAKP voor in die saal. En hy lyk heel ingenome as die studente hom toeskreeu: "Viva De Vries!" wanneer aangekondig word dat dit ook sy verjaardag is.

En nog 'n bietjie later swel sy bors sommer van trots as Mbeki suggereer dat hy en De Vries kamerade is. "Kamerade" om op universiteitsvlak saam aan die toekoms te bou.

Na afloop van die vergadering gaan groet by nog persoonlik vir Mbeki in die motor, omring deur toyi-toyi-ende swart en wit studente onder die rooi vaandel.

En in die pers-onderhoude daarna is dit 'n heel ingenome De Vries wat bevestig dat hy en die ANC ooreengekom het om weer te ontmoet oor die rol van Stellenbosch in die toekoms.

In die gees van die Afrikaanse versetliedjie: Ons ry met die wa, die UDF se wa, was dit duidelik dat De Vries 'n reuse-sprong gemaak het. In die proses is hy nie alleen oor al wat Rubicon is nie, maar sommer ook heel bo-op die ANC-wa. Amper dwarsoor.

Oor so 'n nuutgevonde "kameraad" mag mens mos nie iets "negatief", "naar" of "afbrekend" wil skryf nie. En miskien moet Langenhoven maar weggelaat word, flits dit deur my kop ná afloop van die vergadering. Tot my oog val op 'n bewering deur die rektor in 'n onlangse Afrikaanse tydskrif met die strekking: wat vandag op Stellenbosch gebeur, gebeur tien jaar later in geheel Suid-Afrika.

Kameraad De Vries: Jy is honderd persent reg. Maar ook besef ek onmiddellik: Matieland mag in vele opsigte die toon aangee, maar dan danksy die verkrampte Stalinistiese optrede van 'n bang rektor die afgelope jare. Van 'n dapper leierskap aan sy kant aan onsekere studente op die pad na 'n nuwe Suid-Afrika was daar geen sprake nie.

En besef ek ook skielik: Langenhoven se opmerking is nie alleen heel toepaslik nie, dit sou 'n skreiende onreg wees as op hierdie historiese moment die ware rol van De Vries in die verlede nie in perspektief gestel word nie. Dit plaas miskien in beter konteks die omvang van sy huidige hoogs aanprysende sprong.

Die eer gaan aan die studente-lede van Nusas, die gespreksgroep SAAK en die swart studente-organisasie vir hul moed en standvastigheid die afgelope jare. En dit terwyl De Vries in die nouste samewerking met die regering sy bes doen om hulle te onderdruk op 'n manier wat Ceausesceau sou beny het. Waar was De Vries toe die regering in 1985 toegeslaan het en op diktorale wyse studente gedreig en paspoorte weggeneem het? Hul misdaad: hulle wou in Lusaka met die ANC gaan praat. Hy was mede-polisieman.

'n Paar jaar later roep hy twee studente in. Hul misdaad: op 'n besoek aan Namibia, deur die Weermag gereël, bevraagteken hulle die doel van die oorlog en die vyandskap teenoor Swapo. Een van die studente, met wie se vader De Vries bevriend is, word agtergehou vir 'n intimidasie-sessie van 'n uur om haar van haar "afdwalinge" te laat probeer afsien.

Weer was Siener De Vries verkeerd. Swapo regeer Namibia vandag.

Maar 1989 was 'n besondere swart jaar vir die rektor in sy bydrae tot vrye kritiese denke op Stellenbosch - min wetende dat hy binne minder as 'n jaar tot "kameraad" verhef wou word.

Eers is hy deel van die "politieke heksejag" teen die Maties wat in Maart na Lusaka toe gegaan het op uitnodiging van pres Kenneth Kaunda en waar ook met die ANC gesels is.

Later is hy en die universiteits-



owerhede betrokke by die skorsing van Nusas-voorsitter, Leslie Durr. Haar misdaad: die organisering van 'n "onwettige" protes teen die rasgeskeide koshuise. En die dreigement aan die ouers van 18 studente dat as hulle weer by 'n protes gesien word, word hulle summier geskors. Hulle is almal geïdentifiseer vanaf 'n veiligheidspolisie-video.

Vandag is die koshuise oop. Waarom dan al die bohaai? Die intimidasie van studente wat op morele gronde onbevreesd standpunt inneem teen 'n rektor en administrasie wat skuil agter 'n wettiese benadering.

Maar later die jaar moes selfs die rektor vasstel hoe die wind begin waai. En hy besef dat dit nie meer om die UDF se wa gaan nie. Die ANC se wa was reeds op pad. Dit mag nie gemis word nie, want skielik is dit kosjer om met die ANC te praat. Want die Groot Krokodil was op pad uit.

Daarom was hy in die geheim na Londen vir 'n gesprek met die ANC - iets wat hy tot op daardie oomblik nooit aan die studente gegun het nie. Maar toe die doel van sy besoek soos 'n bom in die Suid-Afrikaanse pers bars - op die vooraand van die gesprek - is hy skielik skoonveld. By die bespreking daag hy nie op nie en verdwyn weer stilweg na Suid-Afrika.

Bogemelde is slegs enkele grepe uit die curriculum vitae van rektor De Vries.

Met so 'n rekord van onderdrukking van progressiewe gedagtes - wat binne enkele jare ook regeringsbeleid sou word - moet die rol van organisasies soos Nusas en andere op die Matiekampus hoog aangeprys word.

En ook hul grootmoedige gebaar om hul rektor op die Mbeki-vergadering welkom te heet - iets wat in die lig van die verlede en die verguising wat hul verduur het, nie maklik kon gewees het nie.

Daarom dus aan Matieland spesiale lof in die moeilike fase van versoening en samewerking op die pad na 'n nuwe nie-rassige Suid-Afrika. Dus: Viva die progressiewe studente, en veral ook: Viva De Vries! Welkom op die moeilike pad, van "papbroek"-rektor tot mede-kameraad!

# Geen versoening sonder skuldbelydenis nie

**HENNIE SERFONTEIN**

KAN daar werklik ware versoening wees tussen swart en wit, sonder dat die Nasionale Party-establishment onomwonde skuld bely aan die skepping en die instandhouding van die demoniese apartheidsbeleid?

En dit nogal met groot entoesiasme tot slegs 'n jaar of wat gelede.

Dié vraag is tans van kardinale belang in die lig van die revolusionêre politieke veranderinge wat onderweg is en die ontplooiende onderhandelingsproses tussen die regering en die ANC.

Ook is dit 'n vraag van meer as slegs akademiese belang. Want dit gaan om die selfrespek van die Afrikaner, om sy Christelike gewete waarop hy homself so dikwels beroem.

In die huidige nuutgevonde uitasem-entoesiasme van die NP en sy ondersteunende koerante is daar een groot gevaar: daar is naamlik reeds kommerwekkende aanduidings van pogings om die geskiedenis te verdraai of te verswyg ten einde die huidige regeringsinisiatiewe te bevorder. En om aan regstreekse skuld van die verlede te ontkom deur 'n sluier oor alles te trek.

Soos 'n diplomaat dit nou die dag stel: die Suid-Afrika van 1990 laat 'n mens aan die Duitsland van 1946 dink. Soos dit tóé haas onmoontlik was om 'n Duitser te ontdek wat sou erken dat hy ooit Hitler ondersteun het, net so bestaan daar haas nie meer NP-politici of -joernaliste wat bereid is om eerlik hul geesdriftige rol te erken in die toepassing van die apartheidsbeleid nie.

Ewe gevaarlik as die verswyging en verdraaiing van die geskiedenis. Is die pogings van die sogenaamde verligte pro-regeringskoerante. Met Nasionale Pers soos gewoonlik vooraan om mense die swye op te lê wat dit durf waag om die politieke geskiedenis in perspektief te stel.

Hierdie artikel poog geensins om goedkoop party politieke vlieë te vang nie, of om pres FW de Klerk en sy kabinet te verkleineer in 'n stadium dat hulle met groot moed en risiko die enigste koers ingeslaan het wat vir Suid-Afrika hoop gee nie, en dit is die verwerping van apartheid, hul eie beleid oor dekades.

Maar dit gee hulle nog nie die reg om die publiek en hul eie ondersteuners oor die verlede te probeer mislei nie.

Belangriker nog, die NP is dit aan homself en die Afrikaner verskuldig om die verlede vreesloos te erken. 'n Interne morele suiweringsproses.

Die Sowjet-Unie en die regerende Kommuniste Party kon vir die eerste maal werklik 'n nuwe toekoms aanpak, toe die wrede verlede en die era van Stalinisme kaalkop erken is. Toe hulle hulself geestelik gesuiwer het.

Kan die NP 'n nuwe toekoms ingaan en help skep sonder die erkenning van 'n eie Stalinistiese verlede dit wil sê die blinde ondersteuning van 'n demoniese beleid en terselfdertyd die hardhandige onderdrukking van kritiese profete deur meedoënlose ketterjagte of verswyging.

In die verband verwys ek na 'n baie belangrike artikel deur prof Lourens du Plessis van die Universteit van Stellenbosch verlede week in Rapport. Die opskrif was "Nie net 'n nuwe hart gevra. Versoening vra ook opoffering."

Hy maak dit duidelik dat die versoeningspogings veral baie gaan verg van wittes "wat verdrukkende apartheid instand help hou of minstens geduld het, omdat hulle daardeur bevoordeel is."

Hy se dan om te vergewe 'n aspek van versoening is, maar waarsku: "Vergewe in 'n politiek/maatskapplike sin durf nie herinneringe aan 'n verfoeilike verlede uitwis nie - dit ter wille van die toekoms. Ja, maar ook ter wille van blywende en versaaklike versoening, hier en nou."

En dan voeg hy by; "Dit sal beter wees om te sê: ons belei sonder voorbehoud ons skuld aan 'n verdrukkende staatsbestel en die daaglikse lyding wat apartheid vir miljoene mense veroorsaak het. Kom ons praat eerlik met mekaar oor waar en hoe en hoekom dinge so rampspoedig skeefgeloop het. Maar kom ons bou ook saam aan 'n beter bedeling waarin sulke teëspoede hulle nie maklik sal kan herhaal nie ... en waarin magsvergrype moeilik sal kan gedy."

Dus sê hy: "'n politieke geheue is 'n deug - en 'n noodsaaklike bestanddeel van egte versoening.

Dit betaam daarom pro-NP-koerante om ietwat meer beskeie te wees oor die hede en nie van die verlede weg te hardloop nie.

Die argumente van NP-politici en joernaliste in die verband beklemtoon twee aspekte: eerstens is dit belangriker om die verlede te vergeet en dankbaar te wees oor wat nou gebeur.

Tweedens is dit net nie waar dat 'n huidige geslag NP-politici skuldig is oor die apartheidsbeleid nie.

ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA

**Vrye Weekblad**

## Stellenbosch hier kom ons!

**Van dié week af kan Stellenbossers Vrye Weekblad elke Vrydag op hul voorstoepe afgelewer kry - of by hul koshuiskamers.**

**Huisaflewerings het verlede week reeds in Bloemfontein begin, terwyl lesers in Pretoria, Groter Johannesburg en die Vaaldriehoek dit al 'n paar weke lank tuis afgelewer kry.**

**Vul net die onderstaande vormpie in en stuur dit aan Vrye Weekblad-intekenare, Posbus 10493, Johannesburg 2000 saam met 'n tjek of poswissel van R75 vir 'n jaar (AVB ingesluit) of R40 vir ses maande (AVB ingesluit). Rig navrae en klagtes aan (011) 497-2911.**

Naam: ____________

Adres: ____________

____________

Poskode


**ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA**

MENINGS

## *Sosiale gedrag van diere*

# Selfs die leeus weet dis veiliger om stil te bly

GROENPRAATJIES



TIENIE DU PLESSIS

VANAF die vyftigerjare het beduidende getalle navorsers en bioloë die grense van hulle onderskeie ondersoeke begin verskuif. Waar die klem in die verlede op taksonomie geval het, het daar 'n geweldige belangstelling in die sosiale gedrag en die verband tussen dié gedrag en die natuurlike habitat van diere, ontstaan.

Diere in gevangenisskap word tans gebruik vir gedragstudies van enige aard en natuurlik bring die toestand van "aanhouding" 'n nuwe perspektief tot dié studieveld.

Die sosiale gedrag van diere verander sodra die mens in die prentjie verskyn en/of die dier uit sy natuurlike omgewing verwyder word. Die moeite wat met talle "kunsmatige teelprogramme" ondervind word, is 'n bekende resultaat hiervan. Die neiging is tans om in sulke gevalle die natuurlike omstandighede so getrou moontlik te probeer naboots.

Soms moet daar met vindingrykheid te werk gegaan word:

* By Slimbridge in Gloucestershire (Engeland) probeer die Wildfowl & Wetlands Trust al lank (sonder welslae) om kleinflaminke te teel. In Afrika broei die kleinflamink in groepe van duisende en selfs miljoene. Die kolonies is dikwels gemeng - die grootflamink en die kleinflamink kom in dieselfde habitat voor, maar ding nie om dieselfde voedselbronne mee nie.

In natuurlike omstandighede volg die kleinflamink 'n kenmerkende paringsgedrag. Hulle kom in groot groepe byeen waar hulle voortdurend aan mekaar raak. Hulle hou hul lang nekke regop en swaai hul diep-rooi bekke heen en weer. Die hoë kwirrik-kwirrik-kwirrik-roep van die flamink word afgewissel met 'n vlerk-saluut om sodoende hul karmosyn en swart veredos te vertoon.

Hoe sou so 'n omgewing byvoorbeeld in Engeland nageboots kon word?

Dr Simon Pickering van die Trust het onlangs 'n nuwe projek aangepak en wag nou angstig op resultate. Die groepie van dertig kleinflaminke wat sedert 1961 aangehou word, is nou omring met ses reuse-spieëls.

Die spieëlbeelde moet die bannelinge daarvan oortuig dat hulle skielik terug is in Afrika en hulself tussen duisende van hulle familielede bevind.

Pickering is optimisties: "When we installed the mirrors it was quite dramatic. They started wing flapping and honking and pushing each other around." Paring is reeds waargeneem en die eerste eiers kan moontlik in Junie verwag word.

MAAR 'n besonderse insiggewende reaksie van diere (in gevangenisskap of in hul natuurlike omgewing) is die van vrees vir die mens. Diere is bang vir mense - met goeie rede.

* Twintig resus-ape wat as proefdiere vir gedragstudies aan die universiteit van Utrecht gebruik word, het vanjaar uit hul hok aan die Alexander Numankade ontsnap.

Miskien het 'n slim aap sy vingers deur die tralies gesteek en 'n stukkende grendel oop gevroetel. Die groep ape het deur 'n dakvenster tot op die dak van die gebou geklim, waar 'n verbaasde Nederlander die klomp spelende diere gewaar het. Die polisie en die universiteitsowerhede is in kennis gestel.

Die ape het aanvanklik die mense wat hulle genader het, met klippies gegooi, maar na rustige aandrang deur die opsigters het agtien ape na hulle hok teruggekeer.

Twee ape het op die dak agtergebly. Prof J van Hooff, gedragsnavorser van die universiteit, was nie bekomerd oor die twee nie: "Het is geen drama, die zijn in no time weer binnen. Buite vind ze het heel angstig, binnen is veiliger. Als het drukt wordt met mensen willen ze nog maar één ding: snel weer terug naar hun hok."

* In die sentraal-Kalahari-omgewing van Botswana is daar onlangs onder leeus 'n merkwaardige gedragsverandering waargeneem. Dié leeus is "vry-lopend", dit wil sê hulle is nêrens in 'n reservaat of ander beskermende omgewing nie.

Mark en Delia Owens sê dat leeus gewoonlik brul wanneer hulle aanspraak maak op 'n spesifieke gebied, maar ook wanneer ander leeus "geroep" word. Die Kalahari-leeu sal gewoonlik in die oggend, so tussen vieruur tot 'n halfuur ná sonsopkoms, brul. Dit is wanneer die relatiewe vogtigheid die hoogste is en die klank die verste dra - tot ten minste tien kilometer. In die droë seisoen brul leeus heelwat minder, maar in die reënseisoen brul leeus ook gewoonlik na 'n reënstorm, volgens die waarneming van die egpaar Owens.

OM te brul vul 'n leeu sy longe met lug, trek sy maagspiere saam en laat die ingeperste lug oor sy stembande rol met 'n geluid wat letterlik die aarde laat dreun.

Die eerste twee of drie geluide is 'n kort, lae gekreun, gevolg deur 'n volskaalse brul, maar met verminderde volume.

Beide geslagte brul gewoonlik terwyl hulle staan, die snoet parallel met die grond - soms eindig die roep met die neus naby die aarde.

Buite natuurreservate en nasionale parke word daar in Botswana redelik swaar op leeus jaggemaak. Die gewere word gedra deur jagters op soek na 'n trofee, maar ook deur veeboere wat hulle eiendom beskerm.

Verskeie navorsers het al opgemerk dat die Kalahari-leeus in Botswana nou so te sê heeltemal opgehou het om te brul. Dit word toegeskryf aan menslike druk op die roofdier-bevolking.

Leeus het agtergekom dat hulle met 'n gebrul nie net ander leeus nie, maar ook die manne met die gewere "roep". Dit is heelwat gesonder om net eenvoudig stil te bly.

Maar 'n mens mis tog die diep roep van die groot kat wat jou so dikwels in Savuti en Ngwezumba, na die noorde, wakker maak.

Die gevaar bestaan dat wanneer jy in dié sandwêreld van die Botswana-Kalahari uitkamp, jy onder die indruk kan verkeer dat hier nie meer groot roofdiere oor is nie.

Les nommer een: slaap altyd in Botswana in 'n tent, selfs al lyk die uitgestrektheid vir jou so vriendelik soos die Van Rhynsdorp-omgewing.

NET noord van Gweta is ons een oggend uit ons slaapsakke onder 'n kremetartboom geskud deur 'n geluid wat enige mens onmiddellik sal herken. Dit was kwart voor vier. 'n Leeu het gebrul dat die aarde dreun.


Al was dit nog donker, het ons in die kremetart geklim om te kyk of ons nie die dier kon sien nie.

Net na vyf was die eerste Land Cruiser reeds by ons kampplek.

Mans met gewere het gevra of ons die leeu gehoor het - ons het in 'n rigting beduie wat hulle baie ver weg van die leeus sou neem.

*(Tienie du Plessis is 'n mede-direkteur van Taurus-uitgewers)*

# Handves van menseregte: wie aan die mens vat, vat aan God



TEKS EN KONTEKS

BEHOORT die kerk kampvegter vir menseregte te wees?

Vra dié vraag en meteens is die diep skeidslyn wat die Suid-Afrikaanse kerklike gemeenskap in twee verdeel, sigbaar.

Vir een deel is kerk en menseregte sinoniem. Vir diesulkes is dit 'n vanselfsprekende taak van die kerk om dié regte op alle moontlike maniere te bevorder.

Vir 'n ander deel is "menseregte" opsigself 'n onverteerbare begrip - iets wat ruik na "humanisme" of na daardie aartsvyande, die VVO of die Wêreldraad van Kerke - in elk geval iets waaraan geen ordentlike kerkmens met 'n tang sal vat nie.

Die verskil word lastiger in 'n tyd waarin die meeste mense aanvaar dat 'n handves van menseregte deel van 'n nuwe grondwet gaan - en moet - uitmaak. In Namibia staan dit reeds so opgeteken.

Hier te lande het die Regskommissie 'n uitvoerige verslag die lig laat sien waarin 'n deurdagte pleidooi ten gunste van so 'n handves gelewer word. Ironies genoeg - maar ook nie heeltemal onverwags nie - het die skerpste kritiek op die Regskommissie se voorstelle vanuit teologiese oorde gekom.

Hoe rym dit? Waarom sou daar van kerklike kant beswaar teen menseregte wees? Daar is meer as een rede vir dié houding, wat verskillende kerklike tradisies, sosiale verskille en persoonlike ervaring insluit. Hier wil ons egter die aandag op net een oorsaak vestig, naamlik die manier waarop ons oor mense dink.

TEENSTAND teen menseregte (van kerklike en teologiese kant), kan vanuit twee hoeke kom. Eerstens kan die konsep verkeerdelik verstaan word as sou dit beteken dat die mens "teenoor" God wil staan en regte van God wil eis.

Dit sou impliseer dat die mens hom-/haarself voor God wil handhaaf en seker wil maak dat God nie op die mens se terrein oortree nie.

Maar so 'n opvatting is heeltemal vreemd aan die manier waaroor in die Bybel oor mense gepraat word.

Volgens hul aard is mense nie veronderstel om in kompetisie met God te tree nie. Die mens is ook nie op sigself waardevol en belangrik nie. Die mens is waardevol omdat hy of sy God se skepping is en God se beeld dra.

Dáárom moet versigtig met die mens omgegaan word en kan mense nie maar sommer op enige manier behandel word nie. Wie aan die mens vat, vat aan God.

Daar is 'n tweede, dieperliggende rede vir die teenstand teen menseregte. Dit gaan terug op wat ons 'n pessimistiese siening van die mens kan noem.

Hiervolgens is die mens 'n sondaar, iemand wat alleen maar op genade kan hoop - en beslis nie iemand wat op regte kan aanspraak maak nie. Mense moet nie te veel van hulself dink nie en van mense moet nie te veel verwag word nie.

Dit is so dat sonde iets aakligs en iets werkliks is. Dit dreig om die mense se lewe te verwoes. Dié werklikheid beskou die Christelike geloof met erns - met sulke erns dat dit nie die laaste woord oor die mens kan wees nie.

Die laaste woord is dat God die mens nie alleen laat nie, maar 'n nuwe lewensmoontlikheid open - die moontlikheid van bevryding van sonde, van 'n gelouterde bestaan.

DIT is vanuit dié nuwe moontlikheid dat oor die mens gedink moet word. Dit is om hierdie potensiaal van die mens tot sy reg te laat kom dat die lewensruimte van die mens beskerm moet word. Die mens moet 'n lewenswaardige bestaan kan voer. Die mens moet op regverdigheid en reg kan reken.

Die mens moet die vryheid van beweging van denke hê om ten volle te kan ontplooi. Wat God regtig met die mens in gedagte gehad het, word duidelik uit Psalm 8.

Met eer en heerlikheid is die mens gekroon - hy of sy is feitlik 'n goddelike wese.

Die pessimistiese moet dus met 'n realistiese siening van die mens vervang word.

Realisties in dié sin dat die uitwerking van die sonde nie ontken word nie. Maar ook realisties in dié sin dat die sonde nie die laaste woord oor die mens spreek nie.

Dáárom word die teologiese verdediging van bevordering van menseregte so dringend - aan die een kant om die mens teen mense te beskerm, aan die ander kant om die lewensruimte vir die nuwe lewensmoontlikheid van die mens te waarborg en veilig te stel.

Die kerk behoort daarom op die voorpunt te wees om voorspraak te doen vir menseregte en die kerk moet aktief meewerk aan die formulering en verfyning daarvan.

Menseregte is nie 'n "humanistiese" konsep nie, maar 'n evangeliese manier om die lewe en die samelewing meer menslik te maak.

*(Teks en Konteks word deur 'n paneel van vooraanstaande teoloë geskryf)*

*Vrye* Weekblad

## Welkom

Staatspresident FW de Klerk en ANC vise-president Nelson Mandela het albei twee baie suksesvolle internasionale besoeke agter die rug - De Klerk in Europa en Mandela in Afrika.

Vir Suid-Afrika was dié besoeke van besondere belang. Daar word nou met nuwe oë na ons land en sy voorste leiers gekyk. Vir die eerste keer word ook internasionaal geglo dat 'n vreedsame oplossing in Suid-Afrika wel moontlik is.

De Klerk word nou aanvaar as 'n leier met 'n nuwe beleid, 'n man van integriteit met die moed van sy oortuiging om die NP se eie skepping van apartheid af te takel.

Mandela word geëer as 'n leier van visie, 'n man sonder bitterheid wat bereid is om die verlede te vergeet en saam met De Klerk te bou aan 'n nuwe nie-rassige demokratiese Suid-Afrika.

Die twee leiers kom terug met die boodskap: Die internasionale gemeenskap verwelkom dié nuwe ontwikkeling en sal alles doen om Suid-Afrika te help om hierdie ideaal te verwesenlik.

Maar in hul afwesigheid het die ontstellende gebeure in Welkom 'n ander en nog belangriker boodskap vir Suid-Afrika uitgespel. En dit is een waarvan sowel De Klerk as Mandela, die NP en die ANC, deeglik kennis moet neem.

Die werklike oplossing vir ons probleme is nie te vinde in Afrika of Europa nie, maar hier te lande. Nie Bonn of Londen, Lagos of Kaïro beskik oor geheime formules om ons komplekse probleme op te los en om ons na 'n vreedsame toekoms te lei nie.

Dit is in Johannesburg en Soweto, Welkom en Thabong waar swart en wit Suid-Afrikaners saam moet worstel om antwoorde te kry.

In die aanheftot die Groote Schuur-gesprek het die ANC en die regering ooreengekom op 'n gesamentlike verbintenis om die huidige klimaat van geweld te verwyder. Sukses in dié verband is duidelik 'n absolute voorvereiste vir die welslae van die proses van vreedsame onderhandelinge.

Die konflik in Welkom hou tans 'n potensiële en ernstige bedreiging vir die vredesproses in. Die les van Welkom is dat vrome verklarings op sigself nie geweld beëindig nie. Bepalend vir die toekoms van die Groote Schuur-ooreenkoms is wat staatsmanne, politieke leiers en partye op die grondvlak doen; hoe hulle die daad by die woord voeg en die opregte vrese van gewone mense aanspreek.

Daarom doen ons 'n dringende en ernstige beroep op sowel De Klerk as Mandela: Maak die oplossing van die Welkom-konflik jul eerste en hoogste prioriteit. Besoek Welkom onmiddellik voordat julle albei op verdere oorsese besoeke gaan, hoe belangrik dit ook al beskou mag word.

Bring self jul eie mense tot bedaring. Stel sonder verwyl 'n gesamentlike krisis-komitee aan om permanente vrede te bewerkstellig.

Want soos ons dit onlangs gestel het: "As Welkom dit sonder 'n rasse-bloedbad oorleef, sal dit goed gaan met die res van Suid-Afrika."

## Kerk

Dit is tyd dat die kerke hul prioriteite agtermekaar kry. Op die oomblik is die SA Raad van Kerke en sy lidkerke in 'n twis betrokke met die NG Kerk of hulle wel op uitnodiging van Staatspresident FW de Klerk met die regering moet praat. Die doel: Om saam te werk tot 'n vreedsame oplossing in Suid-Afrika.

Maar terwyl hulle debatteer oor abstrakte oplossings in die lug, kom dit voor of hulle almal besig is om hulle taak gruwelik op grondvlak te verwaarloos. Want waar is die SARK en die NGK - wat swart en wit Christene oor die totale spektrum verteenwoordig - in Welkom?

Waar is die praktiese vredesplanne waaroor hulle so baie praat in eindelose konferensies terwyl mense sterf?

Die wet van Christelike naasteliefde en versoening vereis minder praat en meer doen.

## Sakemanne en die ANC

Die eerste omvattende debat wat die ANC oor die herstrukturering van die ekonomie met die Suid-Afrikaanse sakegemeenskap gevoer het, is rede vir optimisme.

Riglyne is uitgestip en verduidelikings is aangevoer vir die ANC se nasionalisering- en herverdelingsbeleid, die voortgesette gewapende stryd en oproep om sanksies.

Die sleutelfaktor bly steeds die totale opheffing van alle apartheidswette en strukture en die skep van 'n verenigde, demokratiese en nie-rassige Suid-Afrika voordat enige positiewe gebare deur die ANC oorweeg kan word.

Politieke en ekonomiese hervorming moet hand aan hand geskied met die opheffing van blanke oorheersing in al sy vorme.

Onder die sakegemeenskap was daar 'n groter besef van die omvang van die probleme en dat 'n lang proses van inspraak en onderhandeling nog voorlê.

Dit is hoe ons ons land se probleme gaan oplos: deur rustig te sit en met mekaar te kommunikeer en van mekaar se standpunte te probeer oorreed.




## BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 177, Newtown 2113. Of bel met jou mening na (011) 836-2151.**

# Laakbare metodes om mense by te kom

**André Gaum van Stellenbosch skryf:**

In u skinderrubriek, Brolloks en Bittergal, maak u in u uitgawe van 17 Mei weer eens van laakbare metodes gebruik om verskillende mense openlik en bedektelik by te kom - van min Magnus Malan en min Pik Botha ("Walter die Wonderman") tot my pa, redakteur van Die Kerkbode, en myself.

Ek bevind my dus in besondere geselskap! Kort voor lank sal u manier van doen hopelik meebring dat u koerant hom êrens vasloop.

Ek bring die volgende feite onder u aandag:

1. Die prent waarna sommige lede van die Stellenbosse Studenteraad verlede jaar in 'n Bophuthatswana-hotel gekyk het, was nie 'n "blou film" nie.

2. Daarom is die prent ook nie op 'n obskure manier vertoon nie, maar gewoonweg en openlik in die betrokke driester-hotel se fliek.

3. Ek en my maats het voordat die vertoning klaar was, uitgeloop, en met mekaar saamgestem dat dit 'n vrot prent was.

4. Om op 'n aand as jy niks te doen het nie na 'n prent te gaan kyk en dan te besef dis 'n swak spulletjie en pad te gee, is natuurlik iets anders as om die prent te maak. Tina du Toit het haar rubriek in Die Matie eiehandig gemaak - en haar skryfsels het elke keer van uiters swak smaak getuig. Daarom het sy die trekpas gekry.

## Azapo en PAC

**Glen Retief van Rondebosch skryf:**

Hoewel ek heeltemal met julle eensgesind is dat die slagspreuk "one settler, one bullet" verwerplik en kinderagtig is, moet ek wel my kommer uitspreek oor die feit dat julle in 'n redaksiekolom die PAC en Azapo in dieselfde asem kan noem (Vrye Weekblad, 20 April 1990).

Die PAC is glad nie "'n swart bewussynsgroep" nie, en Azapo het feitlik niks met die PAC te make nie.

Azapo is natuurlik 'n swart bewussynsgroep wat homself skaar by die vryheidsfilosofie van die beroemde Steve Bantu Biko. Dié filosofie lê klem op die rol van die onderdrukte in sy/haar eie vryheidstryd en die ontwikkeling van sy/haar eie menslike bewussyn. Die PAC, inteendeel, is 'n Afrikanistiese groep wat glo aan 'n breë "Afrika-lojaliteit" en 'n solidariteit tussen alle "Afrikane". Al wat die PAC en Azapo deel, is teenkanting teen rasse-onderdrukking, 'n militante steun vir sosialisme en 'n agterdogtige houding jeens onderhandelings. Verder werk die twee saam in die Nactu-vakbond - naas Cosatu die tweede grootste nasionale vakbond. Die ooreenkomste eindig daar.

Sover ek weet, is dit hoegenaamd nie deel van die swart bewussynsideologie om "one settler, one bullet" te skree nie. Die slagspreuk is eintlik tradisioneel een van die Afrikaniste se revolusiepraatjies, maar in die afgelope tyd het die PAC-leierskap probeer (met hoeveel vasberadenheid sou ek nie kon sê nie) om sy volgelinge te oorreed om dié kreet te laat vaar.

Ek hoop dat julle in die toekoms beter en regverdiger publisiteit aan beide die PAC en Azapo sal gee. Albei groepe se ware foute en swakhede - soos 'n gebrek aan politieke soepelheid en vindingryke strategieë - hoort in die kalklig. Maar stereotipering en foutiewe, oppervlakkige dekking van dié bewegings help niemand nie.

## Geluk Yeoville

**Caroline Coetzee van die Johannesburg-tak van Earthlife Africa skryf:**

Earthlife Africa would like to congratulate the people of Yeoville on their success in the battle to save the Yeoville Ridge from development for business purposes. We believe that this is not only a victory for the people of Yeoville, but that it has important implications for the future development of Johannesburg as a whole.

We regard the fact that a company has taken the wishes of a community into regard in this context as being of the utmost importance. We hope that other companies will follow Sanlam's responsible manner with respect both to this and to other development sites.

We note, however, that at the moment the hands of many communities campaigning for what they believe to be more sensible planning are tied by unsympathetic legislation. We therefore call on the government, at a local and national level, to examine carefully legislation relating to planning and development, and to make such changes as are necessary to facilitate public participation in the development of our environment, and to make all our cities better places for all their inhabitants.

## Eenparty-blindheid

**GG Michaelides van Pretoria-Wes skryf:**

Die vraagstuk oor eenpartystate in Afrika, hoekom hulle ontstaan het en die gevolge daarvan word sistematies deur byna alle inligtingsmedia in ons land geïgnoreer.

Ek dink sommige redes vir dié blindheid is:

* Mense met donker velle is te besig met pogings om Whitey van hulle nekke af te skud. Hulle het nie tyd vir haarfyn ontledings van demokrasie nie.

* Rassistiese blankes het nog nooit in die demokrasie belang gestel nie. Wanneer hulle oor eenpartystate praat, is dit net om ander mense bang te maak.

* Demokratiese blankes vrees dat as hulle aan sulke dinge krap, daar nare goggas kan uitkruip.

Ek dink die algemeenste verskoning vir die stigting van 'n eenpartystaat in Afrika is dat die betrokke staat se bevolking te skerp langs stamlyne verdeel is. Dis is verontrustend, want stamverdeeldheid tussen mense van dieselfde kleur is dalk erger as kleurrassisme.

Daar is 'n groot behoefte aan inligting oor huidige houdings tussen verskillende nasies in Suid-Afrika. Ons moet ook probeer ontleed hoe nasionalisme funksioneer. Ek vermoed dat nasionale identiteit hoofsaaklik gekorreleer is met taal- en godsdiensverskille. Aan watter groep sweer ek my hegste trou? Sweer ek dit aan myself, my gesin, my nasie, my staat, my spesie, my biosfeer, my Here..?

Miskien sweer ek dit aan dié instansie wat my die hardste onder die blaker skop.

Om Suid-Afrika 'n beter plek te maak, moet ons probleme aanpak wat - sover my kennis strek - nog nooit in die geskiedenis opgelos is nie. Dit kan 'n opwindende uitdaging wees. Maar onkunde kan ons beslis nie bekostig nie.

*Vervolg op bl 22*

*Natal wys hy kan met louere wegstap*

# Kampioene moet wakker word

**Wat gaan aan met Noord-Transvaal en die Westelike Provinsie? Albei spanne is berug daarvoor dat hulle tyd nodig het om hul beste vorm te bereik, maar ons trek nou darem al diep in Mei. Hulle pak mekaar môre op Loftus in een van die belangrikste wedstryde van die seisoen. TINUS HORN waag 'n mening of twee.**


SUID-AFRIKA se Curriebeker-kampioene, die Westelike Provinsie en Noord-Transvaal, moet wakker skrik en gou ook.

Sowat van middelmatigheid het ons lank laas van dié twee bulspanne gesien en as hulle nie gou in rat kom nie, stap Natal of selfs die Vrystaat vanjaar met die Curriebeker weg.

Veral Noord-Transvaal het rede tot kommer.

Sy nederlaag teen die Oostelike Provinsie is net die simptoom van 'n veel groter probleem: sy agterlyn het bitter min slaankrag. Wanneer daar die dag nie 'n Naas Botha of Johan Heunis is om die wedstryd vanuit die losskakel-posisie te beheer nie, word dié gebrek duidelik blootgelê.

Almal het lankal die gevaartekens gesien. Die Noorde moes egter op die harde manier leer.



Wahl Bartmann *Foto's: Tim Sandham*

Die Noorde se senters het teen die OP baie swak gespeel. (Kan 'n mens hulle verkwalik? Opwindende senterspel het die afgelope 10 jaar nie juis 'n baie belangrike deel van die Noorde se patroon uitgemaak nie).

Die vleuels JJ van der Walt en Deon Oosthuysen kom nie tot hul reg nie. Albei is goeie aanvallers, maar hardloopkans was teen die OP maar skraps omdat die senters die goeie balle self wou gebruik. Hul pogings was bra onbeholpe en die uiteinde was gewoonlik dat hulle besit verloor het.

Die Noorde se besluit om Oupa van Zyl in Tjaart Marais se plek op losskakel in te span, dui net op een ding: môre sien die agterlyn veel minder van die bal.

Dit mag dalk die regte resep wees vir 'n span wat wil konsolideer, maar Van Zyl se vaardighede is baie beperk. As die 10-man patroon nie werk nie, is die Noorde in die moeilikheid want Van Zyl ken geen ander manier van speel nie.

Hy is boonop stadig van die merk af. Tiaan Strauss, wat van agtsteman na die kant van die skrum skuif, juis om die Noorde se skakelpaar dop te hou, sal sy taak verder bemoeilik.

Dit is duidelik dat die Blou-agttal John Williams se hand mis. Hy sou die verwoede aanslag van die OP verwag het en sy span deeglik daarop voorberei het.

Die Noorde het gemeen dit gaan 'n maklike wedstryd wees en was sonder Adolf Malan glad nie opgewasse teen Adri Geldenhuys en Armand du Preez in die lynstane nie. Hulle moes vooraf 'n strategie uitgewerk het om besit uit dié afdeling te verseker.

Die WP het nou wel nog geen bekerpunte afgestaan nie, maar is net gelukkig dat sy eerste twee wedstryde teen maklike teenstanders - Noord-Vrystaat en Wes-Transvaal - was.

Sy agttal speel glad nie met dieselfde oorgawe as verlede jaar nie en Danie Gerber het agterlangs nog nie werklik die vuurwerk gelewer wat van hom verwag is nie.

Dit is moeilik om te voorspel wie op Loftus gaan wen. 'n Mens kan nie werklik hul krag peil nie want nie een van die twee spanne het nog vanjaar volgens hul potensiaal gespeel nie.

Met Kobus Burger terug lyk die WP beslis meer gevaarlik as die tuisspan.

Om die Noorde se taak te bemoeilik moes Malan hom weer onttrek en Andre Skinner het seker al vergeet wanneer laas hy provinsiale rugby gespeel het.

Volgens berigte uit Pretoria speel hy egter weer met sy ou vuur en onder vaste voorspelers is 'n geharde "ou man" altyd 'n beter proposisie as 'n goeie groentjie.

Natal begin al meer na 'n moontlike kampioen lyk. Soos Wahl Bartmann nou speel, klop niemand die Piesangboere vanjaar in die los nie. Wie sou kon dink dat hulle selfs sonder Andrew Aitken so vir Transvaal in dié afdeling van die spel sou looi.

Daar is ook geen einde aan Rudi Visagie nie. Hy doen nie net skitterende werk in die lynstane nie, maar sy dryfspel herinner sterk aan sy dae as draer van die groen en goud.

Craig Jamieson is 'n onderskatte kaptein. Hy het verlede Saterdag onder groot druk al die regte besluite geneem en die durf waarmee hy speel dien as groot aansporing vir sy spanmaats.

Die Piesangboere pak die WP volgende week in 'n Curriebekerwedstryd. Daarna sal ons weet of hulle kampioene kan word en of hulle maar weer halfpad deur die seisoen gaan uitsak.

Oor die Oostelike Provinsie hoef 'n mens nie te wonder nie. Hulle was nog altyd in staat tot puik rugby - maar baie selde vir twee wedstryde na mekaar. Hulle sal nie 'n faktor in die reeks om die Curriebeker wees nie (hulle mag wel 'n paar grotes se bekerkanse verydel, soos hulle verlede Saterdag gewys het).

En vergeet maar van Transvaal. Om terug te kom ná twee nederlae so vroeg in die seisoen, is 'n haas onbegonne taak.



Craig Jamieson

# In die kol!

**Wie sou kon droom dat die spannetjie van die Oostelike Provinsie jou werklikwaar die magtige Blou Bulle sou stuit ná 29 Curriebekerwedstryde sonder 'n nederlaag? Ons het! (En lyk daardie telling nie effens bekend nie?)**

Die wedstryd wat die verrassing van die week kan oplewer, is dié tussen Noord-Transvaal en die Oostelike Provinsie in die Baai.

Die tuisspan beleef 'n nagmerrieseisoen (wat is nuus?) maar is op sy tuisveld moeilik - veral teen 'n sterk span soos die Noorde.

Die OP se motivering is elke jaar op sy hoogste vir dié wedstryd en Uli Schmidt-hulle kan maar gewaarsku wees: Die manne in rooi en swart gebruik enige taktiek, hoe ontoelaatbaar ookal, in hul pogings om die Blou Bulle te klop.

(Hul laaste tuisoorwinning oor Noord-Transvaal was Naas Botha se eerste wedstryd ná sy Dallas-avontuur. Hendrik Kruger is vroeg deur Kallie Grobler met die vuis bygedam. Hy het vir die res van die wedstryd soos 'n zombie rongehardloop en twee drieë op 'n skinkbord weggegee. Eindtelling: OP 13, Noord-Transvaal 12).

**Dié uittreksel kom uit ons voorskou van verlede week se rugby**

ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA

**Vrye Weekblad**

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse koerant wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/04168/06). Die direkteure van Wending Publikasies Beperk is Max du Preez, Christo Nel, Chris Otto, Van Zyl Slabbert en Sampie Terreblanche. Die aandeelhouers van Wending Publikasies Beperk is die direkteure en werknemers van die maatskappy.

Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breëstraat 153, Newtown.
Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113.
Die telefoonnommer is (011) 836-2151-9 en die faksnommer 838 5901.

**Redaksie**

**Redakteur: Max du Preez**
**Hoofredaksie: Elsabé Wessels, Jacques Pauw, Ina van der Linde en Hennie Serfontein**
**Nuusredaksie: Christelle Terreblanche, Christelle de Jager, Audrey Brown, Pearlie Joubert, Phineus Tshukudu, Irene Louw**
**Sub-redakteur: Ryk Hattingh**
**Ontwerp: Andrea Vinassa, Esma Anderson**
**Vrydag-redaksie: Andrea Vinassa, Koos Prinsloo**
**Sportredakteur: Tinus Horn**
**Vrye Weekblad Boeke/Books: Koos Prinsloo, Ryk Hattingh**

**Bestuur**

**Advertensies en bemarking: Manie Eagar, Gwynne Bramley Wray**
**Administrasie en verspreiding: Kee-Leen King**
**Redaksionele assistent: Cathy Fennessy**
**Navorsing en biblioteek: Laetitia Pople.**
**Boekhouding: Clara Nkutha**
**Kantoorbestuur: Joseph Moetesi, Vernon Zulu, Hazel Woodward**

**Buitekantore**

**Kaapstad-kantoor: Elsabé Wessels. Tel (021) 24 8049**
**Pretoria-kantoor: Ina van der Linde. Tel (012) 834 879**
Vrye Weekblad kos R1,33 plus 17c AVB. Dit kos R75 (AVB ingesluit) om vir 'n jaar lank in te teken, en R40 (AVB ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die koerant R1,50 plus verkoopbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is op navraag by (011) 497-2911 beskikbaar.
Probleme met verspreiding moet gerig word aan Cathy Fennessy by (011) 836 2151.



Bl 23: WP, Noorde moet wakker word

*Vergeet maar van kits-welslae in die Comrades, want . . .*

# Bruce lyk onoorwinlik

**HAZEL WOODWARD**
**skryf oor die Comrades**

**KITSROEM is iets wat 'n mens af en toe in Hollywood sien: nooit in 'n ultramarathon nie.**

**As iemand vir Bruce Fordyce klop - en dit is hoogs onwaarskynlik - sal dit beslis nie 'n onbekende wees nie.**

**Selfs na agt oorwinnings is Fordyce hoogs gemotiveerd. As daar nie iets drasties vir hom verkeerd loop nie, is dit oorwinning nommer nege.**

**'n Man met 'n kans - al is dit dan net 'n buitekans - is Sam Tshabalala, verlede jaar se wenner. Hy is sterker en swaarder as verlede jaar maar bly tjoepstil oor sy wenkanse.**

**"Ek kwel my nie oor iemand anders nie. Ek dink net aan my eie wedloop en ek sal nie kyk wie waar is nie," sê hy.**

**Nick Bester lyk sterk. Hy wil natuurlik vanjaar se Ysterman wees en 'n goue medalje sal dit verseker. Hy mik egter hoër: hy wil Fordyce klop en voer glo 'n geheime plan in die mou.**

**Cornet Mathomane is 'n buiteperd wat goed dopgehou kan word. Ongelukkig het hy miskien te veel gewen - vier wedlope in vyf weke! Hy het boonop twee oefenlope van 80 kilometer agter die rug en is moontlik ooroefen.**

**Lucas Tswai het miskien ook te veel gehardloop - ná die Jock of the Bushveld het sy skene kwaai gepyn. Hy het nietemin 'n goeie kans op 'n goue medalje.**

**Bruce Fordyce sê altyd dis beter om Comrades te hardloop as jy te min geoefen het as wanneer jy te veel kilometers agter die rug het.**

**Mark Page, wat al 'n slag tweede was, sal stellig ook sy goue inpalm, en so ook Shawn Meiklejohn.**

**Baie hardlopers ding mee om die goues: Hoseah Tjale moet nooit afgeskryf word nie, Charl Mattheus is 'n sterk moontlikheid en so ook Ben Janse van Vuuren. Ander aanspraakmakers is Attila Kovacs, Boysie van Staden (wat die afgelope vyf jaar elke keer onder die eerste twintig klaargemaak het) en Ephraim Sibisi.**

**Laasgenoemde neem egter aan sy eerste Comrades deel en 'n gebrek aan ervaring kan hom 'n plek onder die eerste tien kos.**

**'n Lys van moontlike wenners in die wedloop vir vroue: Di Terblanche, Tilda Tearle, Pat Lithgow, Naidene Harrison, Annette Schoeman, Hazel Hairs, Ralie Smit, Mara Holtzhausen, Lyn Lombard, Rosemarie Ludwig, Shirley Middlemost and Marietta Sassenberg.**

**Ek verwag dat Tearle eerste sal wees, omdat sy haarself nie ooreis het in allerhande wedlope voor die Comrades nie, met Terblanche tweede en Harrison derde. Frith sal maar in een van die voorste minibusse wees wat die wedloop volg.**

### Net een gigolo?

**Tussen vanjaar se Comrades-hardlopers is 722 ingenieurs (amper soveel ingenieurs as vroue!) twee akteurs, 200 dokters (daar is ook 35 meer bedeesde dokters wat regstaan om hardlopers te help as hulle omkantel) tien pompjoggies, veertien professors en een gigolo.**

**Moenie probeer om die deelnemersfooi van R25 vry te spring nie. David Phalatse van Westgold het vroeër vanjaar nie vir 'n wedloop betaal nie en is vir drie maande geskors.**

**As jy nie jou R25 betaal nie, loop jy boonop jou kopple louwarm sop mis...**



## Só lyk die op-wedloop

Comrades het baie te doen met selfdissipline, waarvan jy veral in die eerste helfte van die wedloop baie nodig kry.

Die eerste twintig kilometer is vol steil opdraandes: Tollgate Hill, Mayville, Huntley's Hill en Cowie's Hill. Dis nog vroeggoggend en dus is die gevaar daar dat jy te vinnig sal hardloop. Wees versigtig en bly in beheer.

Ignoreer die afstandteikens - om te weet jy's nog net tagtig kilometer van die eindpunt af is min troos. So om en by Pinetown moet jy jou FRN of mieliestroop sluk om vir die groot heuwels voor te berei. Ontspan, die pad is nog laaaaank. Sluk Fields Hill en Botha's Hill albei soos lang egalige teue (nee, nie so vinnig soos jy daardie Coke afsluk nie). Terloops: 70 000 liter Coke sal gedurende Comrades gedrink word.

Botha's Hill het 'n helling van 1:1 (vra vir een van daardie hardlopende ingenieurs as jy nie weet wat dit beteken nie!) en na die eerste 500 meter word hy steiler! Onthou: Botha's Hill is nog nie Drummond en halfpad nie.


Teen die halfpadmerk is die ergste opdraandes agter jou. Hier staan die mooiste meisies van Natal en kyk terwyl jy dink jy gaan sterf.

Jy kry 'n wonderlike glimlag en vind êrens die krag om voort te strompel. Maar wees nog steeds baie versigtig: Inchanga lê nog voor.

Ná Inchanga is dit so effens afdraande Cato Ridge toe - hier mag mens 'n bietjie vinniger draf as jy nog leef.

By Umlaasweg is die wedloop gewoonlik reeds gewen of verloor. Polly Shorts doem voor jou op.

Baie min mense hardloop teen Polly Shorts op (ja, ja, Bruce, ons weet jy kan dit doen, jy hoef nie te bel nie). Dan is daar nog ses of sewe kilometer en daar lê Sleepy Hollow en jy is klaar.




# Geen uitlanders nie, dankie!

DIE Suid-Afrikaanse Padhardlopersvereniging het in November 1989 die pynlike besluit geneem om die sportmoratorium oor Suid-Afrika te respekteer.

Dit bring mee dat geen uitlander toegelaat gaan word om volgende Donderdag aan die Comrades deel te neem nie.

Dit was geen maklike besluit nie, maar een waarmee die Krieketunie, die SA Baan- en Veldvereniging en die SA Rugbyraad geworstel het.

Almal het op die ou end besluit om dit in breë trekke te aanvaar.

Dus, op hierdie redelik emosionele saak skaar die Padhardlopersvereniging hom by die Nasionale Sportkongres (NSC) en saam met anti-apartheidgroepe.

Mike Gatting-hulle het die hoflikheid gehad om ons alles van die beste toe te wens toe die Engelse kriekettoer na Suid-Afrika verkort moes word. Daar is 'n groeiende gees van versoening in Suid-Afrikaanse sport en 'n gewilligheid by gevestigde sportstrukture om opofferings te maak om konflik te vermy.

Ons hoop maar Jean-Mark Bellocq maak maar ook so. Dit is natuurlik jammer dat indiwidue hieronder moet ly.

(Tog ly Bellocq nie te verskriklik nie: verlede jaar is hy baie betaal om in die Standardbank-100km deel te neem. Hy is gebore om in die Comrades te hardloop wat strydig met die gees van dié wedloop is. Verlede jaar het hy ook sy goue medalje weggegee).

# A handful of lust...



James Wilby and Kristin Scott-Thomas in "A Handful of Dust"

# *...until boredom do us part*



Kathleen Turner and Michael Douglas in "The War of the Roses"

ANDREA VINASSA

JUDGING from the total onslaught emanating from Hollywood, the sacrament of holy matrimony is in serious trouble. Only Steven Spielberg has a remedy for the obsolescence facing this institution which, according to at least five films currently on circuit, provides its partakers with a licence for mutual destruction.

But Spielberg's ridiculously fantastical "Always" is no match for the combined horrors visited upon us by the screenwriters of "A Handful of Dust", "sex, lies and videotape", "She-Devil", "Internal Affairs" and "War of the Roses".

Although vastly different in every possible way, these films share the opinion that once the process of destruction of nuptual bliss has begun, the protagonists will stop at nothing less than total annihilation.

The disintegration of the marriage in "A Handful of Dust" occurs in excrutiatingly subtle, almost imperceptible emotional steps after the chance arrival of an opportunist who exploits a country wife's seven year itch. The film owes its subtle power to Charles Sturridge's unobtrusive direction and some especially astute casting... Kristin Scott Thomas's cool beauty takes on a disturbing viciousness as her moral indifference becomes evident.

Based on Evelyn Waugh's novel which I have not read and can therefore offer no comparisons, "A Handful of Dust" is set in England 1932. Despite, or perhaps because of the gentility of its indolent monied-class characters, the mercilessness with which Waugh destroys them is that much more shocking than the total havoc wreaked in "The War of the Roses" and "She-Devil".

Steven Soderbergh, fêted at the world's "art" festivals and hailed as a great innovator in America, has begged borrowed and stolen from European filmmaking practices, but presents us with a conservative and dreary narrative line.

The characters in **"sex, lies and videotape"** characters are utterly one-dimensional and behave like puppets. He sets up a yuppie husband as the cad and the villain of the piece: he is having an extra-marital affair with his wife's sister... she is (oh horror) an artist and therefore decadent and immoral. The hero in a shining convertible is a man with a tedious proclivity for pretentious dinner table chatter. Ostensibly vulnerable and non-aggressive, he "seduces" the sexually frigid wife - it is quite a frigid film - who talks about garbage during her therapy sessions. All of this should tell about the alienation and futility of materialism and it does, in a very perfunctory way.

Only Soderbergh does not fulfill the promise of the film's first twenty minutes and ends in the kitschest possible way.

It is unfortunate for the makers of **"She-Devil"**, which is based on Fay Weldon's "The Life and Loves of a She-Devil", that it came after **"The War of the Roses"**, by far the blackest and best of all. Danny DeVito opts for tragedy over comedy, but proves that he is a writer/director to be reckoned with. While divorce action ends uncompromisingly in death for the Roses, she-devil Ruth Patchett is prepared to take her adulterous husband back into the folds of her ample womanhood after avenging herself.

The talent of Susan Seidelman, she of "Desperately Seeking Susan", operates in inverse proportion to her budget. In this lavish production She allows Meryl Streep to go hopelessly over the top in her portrayal of the perfect-pretty-in-pink woman, thereby diluting the strength of the original concept.

All these films seem to have arisen, not out of any serious reassessment of the sexist practices of filmmaking, but rather out of a more populist view of feminism in the late twentieth century.

In **"Internal Affairs"** a corrupt policeman (played with a malevolent charm by Richard Gere) launches a symbolic attack on the yuppie marriage of a cop with pristine morals, the perfect wife and a designer apartment. A yuppie marriage is one in which the partners seek instant gratification and self-fulfillment without children. The bad cop has four wives and eleven children and rails against the unfairness of life, against the selfishness and smugness of the yuppie cop's situation in a film which is, despite is pretensions to style, neither "To Live and Die in LA" nor "Someone to Watch Over Me".

# Oppas ou boksie



**VICTOR MUNNIK skryf oor TV**

JA oppas vir ouens wat glo met 'n hoofletter o. Want het julle gesien wat gebeur in die pragtige en verligte mev Bhutta se Republiek met TV's wat lielakke goed uitsaai?

Die diep gelowige maar genadelose mantelmanne dra die TV's uit straat toe en stenig hulle stukkend.

## Raps hulle

So iets sal nou nooit in die hiperbeskaafde Groter Yeoville gebeur nie, want wie wil nou klippe gooi as jou eie mense aand vir aand op die babbelboks verskyn.

Comrade Izzie het die groot geldmagte lekker geraps oor hulle skynheiligheid in die struggle.

Maar net toe hy mooi op dreef kom, knip tannie Gay (ja "Gay" al lyk dit nie so nie) Barbiedoll-Lewis hom lelik kort. Ai.

Op TV2 het comrade Kurt Egelhof dit heelwat makliker gehad.

## Hou kop, hou

Welkom intussen in die nuwe SA.

So van kalm bly gepraat, ons "Hou-kop"-prys vir uitstaande binne- en buite-parlementêre hooftooisels gaan aan mnr A vir Afgevaardigde Dookie (vir sy kuif en 'n half) terwyl die droomdink- en bly leefprys gaan aan mnr Spitsmus Twala.

## Nie tyd vir pyn nie

Die dae van kommuniste in elke bed is duidelik oor. Deesdae is dit 'n Nazi in elke bed.

Dis nie net Goue Jare Bitter Jare nie, dis die spannende reeks Adam en die Nuus.

Toe sommer ook die grapfliek Springtime for Hitler, vir S en M sonder die politieke pyn.

Veral as 'n mens, soos die ou in M-Net se baie baie snaakse Perfect Strangers sê, nie tyd het vir die pyn nie.

## Koel ja, maar groen?

Oukei. Sas en Sol is koel.

Maar groen? Hoekom moet Kaptein Superskoon mense opdonner om die groen saak te bevorder? Hoekom geweld? Hoekom geweld is oukei as jou saak oukei is?

Hoekom geweld, hu? Hoekom geweld?

## Eet lekker

Geluk, jou mooi ding! Wees nou eerlik, toe daai Van der Merwetjie haar neutbruin-ogies so oor die skerm gooi, het julle nie al geweet nie?

En wat sê sy? Om so mooi te wees, het 'n mens drie groot etes per dag nodig. Lekker om te weet jy kan maar lekker eet, al wil jy mooi wees.

## Snoesig

Die Tannie Rina "een mens een bed"-prys (ons soek meer sulke tannies in die politiek) vir markgerigte feminisme gaan aan Pineware se snoesige elektriese kombers-advertensie. Want gesonde verstand sê warmte in die winter en skadu in die somer, of hoe?

# Convincing reminder of shameful era

**JUDGMENT IN BERLIN**
**With Martin Sheen, Sean Penn, Sam Wanamaker, Jefferey Auerbach**
**Director: Leo Penn**

RANDY LE ROUX

A HIJACK over East Berlin, leading to a Jewish American judge presiding over a politically charged case in West Berlin ... the scenario has all the elements of some preposterously exploitative Hollywood Cold War court room drama. And, yes, the US government officials in the film speak direly of the Berlin blockade and subsequent airlift.

But this is a true story. In the early '70s an East Berlin pair hijacked a Polish aircraft and diverted it to Tempelhof airport in the west of the city. They had been prompted to this when their plan to escape to the west via Gdansk had been foiled and their potential saviour arrested in Poland.

After some jarring moments, the film settles fairly absorbingly into proceedings in and around the trial of Helmut Thiele (Heinz Hoening). Martin Sheen as Judge Herbert J Stern is the moral centre of the play and gives an assured and convincing portrayal of a man wrestling off the pressures for a politically expedient verdict (placate the Soviets, condemn the international terrorism of the hijacking) and seeking to serve truth and justice.

Sam Wanamaker contributes admirably as one of the defence attorneys (it's a role Wanamker seems able to reprise without ever becoming less believable) and Sean Penn is a studied but surprisingly convincing German.

With the breaking down of the Berlin Wall and other barriers in the Eastern bloc, the film has thankfully lost the relevance it had when it was made three years ago. But it is a reminder of the tragedy of those times and remains a chapter in the records of a shameful era in human history.

# Born again gently

**MANIKA, MANIKA: THE GIRL WHO LIVED TWICE**
**With Ayesha Dharker, Julian Sands, Stephane Audran**
**Director: Francois Villiers**

RANDY LE ROUX

BEING born again means different things to different people. While in the west the term has gained trendy religious connotations, in the east spiritual regeneration in the form of reincarnation is millenia old.

"Manika, Manika" gently brings to the screen the intriguing subject of the transferring of souls into other bodies after death. Based on the case of a New Delhi girl's recollections of a previous life, the film delicately sets out Hindu faith and Christian doctrine on the subject.

Mutually exclusive religious views clash around 10-year-old Manika (Ayesha Dharker) and her mission school teacher, Jesuit father Daniel (Julian Sands). Manika steadfastly believes she is the reincarnation of a Nepalese Brahman's wife and journeys two thousand miles north of her coastal home to seek out her husband. In following her, father Daniel undergoes a confusing but ultimately enlightening spiritual journey of his own.


Just as the practical proof of Manika's case appears more substantial than Daniel's theoretical position, Ayesha Dharker outdistances a flat-footed Julian Sands (perhaps still affected by his playing of the title role in "Warlock"?!). Hers is a performance to relish, one composed of wide eyed innocence mingling with bright eyed, incandescent belief.

The evocative soundtrack and beautiful locations in India and Nepal complete the charm of this modest, but by no means small, film.

*Shakespeare se uitlatings oor die magspolitiek is deesdae baie trendy. Kruik se antwoord op Truk se "Koning Lear" is "Richard II" met Neil McCarthy (regs) in die naamrol. Dié tragedie, wat die uitsetting in 1399 van koning Richard deur Bolingbroke uitbeeld, is vir die eerste keer in 1601 op die planke gebring. Dit word van 30 Mei tot 23 Junie in die Nico Malan-Skouburg in Kaapstad opgevoer en weer op 6 en 7 Julie by die 1990 Standard Bank Nasionale Kunstefees op Grahamstad. Keith Grenville behartig die regie van die stuk waarvan die rolverdeling Jamie Bartlett as Bolingbroke, Ralph Lawson, Norman Coombes, Peter Krummeck en Royston Stoffels insluit.*



# Hoe relevant is Lear?



***TJAART POTGIETER - hy is die assistent-regisseur en speel ook die rol van die Hertog van Albanië - deel 'n paar gedagtes oor die politiek van 'Koning Lear'. Dié klassieke Shakespeare-tragedie word nou in Afrikaans deur TRUK opgevoer. Oorlede Uys Krige het die teks vertaal***

EK is nie altyd so seker van "relevante" teater - wat dit nou eintlik behels nie, maar ek moet sê die openingstoneel van Shakespeare se "Lear", waarin 'n outokraat van sy mag afstand doen, maar nie heeltemal nie, kom darem baie na aan onlangse "magsverskuiwings" hier by ons te lande. Om 'n stuk uit die 16de (of is dit die 17de) eeu te neem en van hierdie uitgangspunt af te probeer aanpas by ons omstandighede is 'n leersame proses.

Soos ons werk en "agtergrond-navorsing" doen, kom ek op 'n essay van Edwin Muir af oor 'The Politics of King Lear'. Hierin is 'n beskrywing van die "jonger geslag" wat vir my baie na Afrikaner-yuppies klink: "hulle wil slaag in hulle individuele, ambisieuse doelwitte ... (maar) Hulle het moraliteit as 'n maatstaf vir gedrag opsy geskuif, en daarom beoordeel hulle ander met 'n algehele gebrek aan morele onderskeidingsvermoë." Dis nou die groep mense in die stuk (Goneril, Regan, *Edmund onder andere*) wat tot enige lengte sal gaan om hulle magsposisie te behou, versterk en uit te brei.

Die koning (dis nou Lear) kom ten minste tot ander insigte, maar eers nadat hy behoorlik tot die besef gedwing is dat hy eintlik magteloos is. Dan sê hy (en hy verwys na armoede en onreg in sy land): "Ek het my te min daaraan gesteur."

Uys Krige se vertaling is soms pittig en sterk. Partykeer sukkel ons om die "klassieke" toon van die Afrikaans meer modern te laat klink, maar dan kom mens onmiddellik weer af op 'n stuk wat tydloos is en lekker praat. Alle verwysings na "swaarde" moet gesny word, die stuk moet weer nader gebring word aan die Christelike wêreldbeeld waaruit Shakespeare dit so versigtig verwyder het, maar wat selfs in die oorspronklike duidelik sigbaar is. Omtrent al die "u's" word in "jy's" verander, meeste "waarom's" word "hoekom's" en so meer.

Soos ons repeteer word mens bewus hoe goed die komiese ondertone wat Shakespeare in die stuk ingeskryf het, werk, hoe "modern" (sê maar Beckett, Ionesco, die sogenaamde "absurde" teater) Shakespeare se ineenstrengeling van komedie/patos/tragedie oorkom - en hoe duidelik hierdie aspek van die stuk word as mens dit in moderne klere gespeel sien.

Die stuk is soms nogal depressing.

Die klasse-verskille wat in die stuk skuil, word op vreemde, ongemaklike maniere sigbaar, soos wanneer Cornwall se swart chauffeur hom vermoor met die woorde: "Meneer, ek het u trou gedien, maar nooit het ek u beter diens gelewer as nou nie" - omdat Cornwall Gloucester verblind het. Of wanneer Goneril onder haar bruin sekretaris/masseur se hande lê en kla oor haar pa wat kinds word. Of wanneer Lear se wit "manne" dieselfde sekretaris heen en weer skop omdat hy ongeskik was teenoor die koning. En so meer.

Nog 'n aanhaling waarop ek afgekom het: "Die ideaal was nog altyd Christelik, 'n ideaal van eenheid, vrede, veiligheid, orde; die werklikheid is stryd en oorlog onder mekaar, verdeelde outoriteit, selfs onder die leiers, en 'n gedurige najaag van rykdom en status." Hhhhm.

* "Koning Lear" se regie is deur Francois Swart, met Louis van Niekerk in die titelrol. Die stuk is tot môre in die Roodepoort se Stadsteater op die planke en van 31 Mei tot 15 Junie in die Staatsteater, Pretoria.

# Skitterende 'Meeu' vir Van Hemert

**THE SEAGULL**
**Deur Anton Tsjechof**
**Met Sandra Prinsloo, Christopher Wells, Michael McCabe, Embeth Davidtz, Dale Cutts, Jacqui Singer, Anna-Mart van der Merwe, Graham Hopkins, James Borthwick, Peter Terry en Nick Nortier-Ashby**
**Regie: Ilse van Hemert**
**In die Windybrow**

**ANDREA VINASSA**



*Sandra Prinsloo en Graham Hopkins*

ANTON TSJECHOF het gedink hy skep 'n komedie toe hy in 1895 aan 'n vriend van hom oor "Die Seemeeu" skryf. Die eindproduk is eerder 'n skreeusnaakse tragedie wat die onsinnigheid, die verganklikheid en die ydelheid van die saai lewe uitbeeld.

"The Seagull" is soos een lang Sondagmiddag waarin Ilse van Hemert, in die regie van haar eerste Engelstalige stuk vir Truk, volkome begrip toon vir Tsjechof se gebruik van "eindelose tyd". Van Hemert verstaan dat jy nie vir Tsjechof se karakters in 'n vaste ruimte kan inhok nie, dat jy hulle tyd moet gee om lank asem te haal en melankolies oor die water te tuur.

En die subteks wat Van Hemert weef, word perfek met Tsjechof se woorde gesinchroniseer. Sy slaag met hierdie produksie daarin om "The Seagull" se eentonige somer en melankoliese winter vol aktiwiteit te prop sodat 'n mens nie vir 'n oomblik ook oor die water wil tuur nie.

Lindy Roberts se dekorstel suggereer met 'n sepiawaterverf-effek die uitgestrektheid van die Russiese landskap, terwyl Jane Gosnell se beligting die karakters se buie byna onmerkbaar "inkleur".

Hoewel daar oorgenoeg geleentheid in die teks is vir 'n skreeusnaakse komedie wat die onderliggende tragedie kan verdoesel, verkies Van Hemert 'n subtiele aanslag, wat geensins afbreuk doen aan die humor nie.

Tsjechof se buitengewone insig in die "human condition" is dalk toe te skryf aan sy uitgangspunt wat nooit belemmer is deur ideologieë en die gebruiklike meegaande idealisme nie. Karakters tree volgens 'n inherente integriteit op en is nie daar om die een of die ander argument namens die skrywer te onderskraag nie.

"Ek is bang vir dié wat tussen die lyne soek na 'n geneigdheid en daarop aandring om my as noodwendig liberaal of konserwatief te sien. Ek is nie 'n liberaal, 'n konserwatis, 'n gradualis, of 'n monnik nie, en ook nie onpartydig nie. Ek sal graag 'n vry kunstenaar wil wees en niks meer nie en ek is spyt God het my nie die mag gegee om een te wees nie.

"Ek haat leuens en geweld, watter vorm hulle ookal aanneem... Fariseïsme, onnoselheid en tirannie regeer nie net in winkeleienaars se huise en gevangenisse nie: ek sien hulle in die wetenskap, in literatuur, in die jonger geslag... Ek meen handelsmerke en etikette is 'n teken van vooroordeel. My heilige der heiliges is die menslike liggaam, gesondheid, intelligensie, talent, inspirasie, liefde en absolute vryheid - vryheid van dwang en valsheid." ("Checkhov: A Biography", deur VS Pritchett; Penguin Books).

Aspekte van sy eie persoonlikheid dobber na die oppervlakte soos Van Hemert se spelers die karakters een vir een aan ons voorstel: die fyn beskaafde intellektueel, die wrede satirikus, die deernisvolle mediese dokter, die besadigde waarnemer, die gepynigde skrywer, die sieklike fatalis, selfs die koorsanger en die angsbevange kunstenaar.

Te oordeel aan vorige produksies, soos "Dalk" - wat sy deur middel van 'n werkwinkelproses op die planke gebring het - is Van Hemert 'n voor die hand liggende eksponent van die Tsjechofiaanse wêreldbeskouing: sy weet hoe om deur middel van gedragspatrone insig te gee in die karakters en terselfdertyd uiting te gee aan Tsjechof se satiriese kommentaar op die Russiese samelewing. Hierdie is 'n fyn gechoreografeerde ensemble-produksie waarin elke speler die kollig kry en dit is die interaksie tussen karakters wat die deurslag gee.

Die fisiek herkenbare Tsjechof, die man wat met meegevoel na sy medemens kyk en met ironie sy lot bepeins, word met sierlike punteneurigheid deur James Borthwick gespeel.

Arkadina is 'n selfsugtige, verwaande aktrise wat gewikkel is in 'n Oedipale stryd met haar seun en Sandra Prinsloo se spel is oordeelkundig ondanks dié wispelturige vrou se onaangename geaardheid en die karakter se moontlikhede vir melodrama.

Soos arme Konstantin swaarkry met sy ma moet Christopher Wells swaarkry met sy rol: hy is nogal 'n vervelige kêrel want hy moet die las van die tragedie in die stuk dra, maar Wells slaag daarin om vir die gekneusde Konstantin 'n boeiende innerlike lewe te skep. Sy hartstogtelikheid verskaf die kontrapunt vir Trigorin se onverskilligheid.

Embeth Davidzt se gedaanteverwisseling van naïewe idealis na lewensmoeë swerwer is meer as net oortuigend.

Die iesegrimmige ou Piotr verskaf baie van die stuk se regstreekse humor en Michael McCabe laat nie 'n geleentheid verbygaan om ons te laat lag nie. Dit geld ook vir Dale Cutts se goed berekende vertolking van die breedsprakige Ilyia wat só besig is met sy praatjies dat hy nie agterkom sy vrou is verlief op iemand anders nie. Polena se smart omdat haar liefde nie deur die dokter beantwoord word nie, kry ook in Jacqui Singer se vertolking 'n humoristiese kinkel.

Anna-Mart van der Merwe is terug op die verhoog met 'n nie heeltemal afgeronde vertolking van die depressiewe Masha nie. Sy is dikwels onseker van haarself, maar wanneer sy seker is, is sy doodseker. Peter Terry se Medviedenko is die beliggaming van verdruktheid. En ons kan nie vergeet van Nick Nortier-Ashby se "deadpan"-portret van die armsalige Jakow nie.

Seker die lekkerste rol is Trigorin, die egosentriese skrywer wat verwoesting saai met Nina se emosionele lewe en Graham Hopkins speel hom met skouers kromgetrek, norserige stem en afgetrokke houding wat meer as net die karakter verlewendig, maar ook die kunstenaar se skeppingsmetodes bevraagteken.

Dis 'n skitterende "Meeu" dié.

